BAKENS OP DIE WEG:

DIE BEKERINGSVERHALE VAN AUGUSTINUS EN C.S. LEWIS

CHRISTINE SMIT

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad MPhil in Antieke Kulture aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr A Kotzé

Desember 2005

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Christine Smit **Desember 2005**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

In hierdie tesis word twee literêre bekeringsverhale waarin die historiese werklikheid deur die skrywers weergegee word, met mekaar vergelyk: die *Confessiones* van die vierde eeuse kerkvader Augustinus, en *Surprised by Joy* van die twintigste eeuse skrywer en geleerde C.S. Lewis. Om Augustinus se bekeringsverhaal histories te kan plaas teen die agtergrond waarin hy geleef en tot bekering gekom het, word 'n uiteensetting gegee van die Christelike godsdiens as 'n sosiale fenomeen in die Antieke Wêreld. 'n Kort lewensbeskrywing van Augustinus en Lewis en 'n oorsig van die weg wat elkeen se bekering gevolg het, dien as agtergrond vir die bespreking en vergelyking van die twee bekeringsverhale. Die navorsing word gestruktureer aan die hand van bakens wat Augustinus op sy bekeringsweg uitgelig het: persone wat 'n beduidende rol gespeel het, gebeure wat hom beïnvloed het, innerlike konflik wat hom voortgedryf het. Die tesis toon deur 'n analise op grond van inhoud en tematiek aan dat daar duidelike ooreenkomste is tussen die bakens op Augustinus se bekeringsweg en dié op Lewis se bekeringsweg.

ABSTRACT

Two literary conversion narratives with much historical detail, are compared in this thesis: the *Confessiones* written by the renowned fourth century church-father, St. Augustine, and *Surprised by Joy* written by the twentieth century writer and scholar, C.S. Lewis. In order to understand St. Augustine's conversion to the Christian faith, Christian religion as a social phenomenon in the Ancient World is discussed. As background for the discussion and comparison of the two conversion narratives, a brief biography is given of St. Augustine and of Lewis, as well as a description of each one's course of conversion. The research is structured in terms of beacons that St. Augustine identified during the course of his conversion: people who played a significant role, events that influenced his life, and inner conflict that spurred him on his way. By means of an analysis regarding theme and content, it is shown that there are clear similarities between the beacons identified by Augustine and Lewis in their conversion narratives.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan:

- Annemaré Kotzé wat altyd beskikbaar was vir leiding en ondersteuning;
- Johan Oosthuizen vir meelewing en finale taalkundige versorging;
- Kosie wat altyd entoesiasties saam gelees en saam gesels het;
- Ons kinders en familiekring vir volgehoue belangstelling;
- Ons Hemelse Vader wat altyd getrou bly.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1 : AGTERGROND 1

1. Inleiding 1

1.1 Bekering 2

1.1.1 Bekering tot 'n filosofie 3
1.1.2 Bekering tot 'n religie 4
1.1.3 Verband tussen filosofie en religie 4

1.2 Die Christelike godsdiens as sosiale fenomeen 5

1.2.1 Die opkoms van die Christendom 5
1.2.2 Die invloed van die disintegrasie van die Romeinse Ryk op die vestiging van die Christendom 6
1.2.3 Die verspreiding van die Christelike boodskap 7
1.2.3.1 Openbare voorbeeld 8
1.2.3.2 Intellektuele tradisie 8
1.2.3.2.1 Die protreptiese genre 9
1.2.3.2.2 Apologetiese geskrifte 10
1.2.4 Aantrekkingskrag van die Christelike lewenstyl 11

1.3 Samevatting 12

HOOFSTUK 2 : AUGUSTINUS EN C.S. LEWIS 14

2. Inleiding 14

2.1 Augustinus (354 – 430) 14

2.1.1 Kort lewenskets 14
2.1.2 Weg van bekering 16

2.2 C.S. Lewis (1898 – 1963) 22

2.2.1 Kort Lewenskets 23
2.2.2 Weg van bekering 24

2.3 Twee opvallende eienskappe van die bekeringsverhale 29

2.3.1 Soeke na waarheid 29
2.3.2 Waardering vir vriendskap 31

2.4 Samevatting 31

HOOFSTUK 3 : BAKENS OP AUGUSTINUS SE WEG VAN BEKERING 33

3. Inleiding 33

3.1 Persone as bakens op Augustinus se bekeringsweg 34

3.1.1 Monica 34

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.2 Menslike bakens op intellektuele vlak 36
3.1.2.1 Nebridius en Faustus 37
3.1.2.2 Vindicianus en Firminus 38
3.1.2.3 Ambrosius 40
3.1.2.4 Die Neo-Platoniste 41
3.1.3 Menslike bakens op morele vlak 42
3.1.3.1 Simplicianus en Victorinus 42
3.1.3.2 Ponticianus 44

3.2 Gebeure as bakens op Augustinus se bekeringsweg 46

3.2.1 Die lees van die *Hortensius* 46
3.2.2 Gebeure wat lei tot die wisseling van plek 47
3.2.3 Ontmoeting met 'n dronk bedelaar 49

3.3 Innerlike konflik as dryfkrag op Augustinus se bekeringsweg 49

3.4 Samevatting 51

HOOFSTUK 4 : BAKENS OP C.S. LEWIS SE WEG VAN BEKERING 53

4. Inleiding 53

4.1 Persone as bakens op Lewis se bekeringsweg 54

4.1.1 Joseph Arthur Greeves 54
4.1.2 Menslike bakens op intellektuele vlak 56
4.1.2.1 Oldie en W.T. Kirkpatrick 57
4.1.2.2 Owen Barfield 58
4.1.2.3 G.K. Chesterton en ander Christen-skrywers 59
4.1.3 Menslike bakens op morele vlak 61
4.1.3.1 L.B. Johnson 61
4.1.3.2 A.K. Hamilton Jenkin, A.C. Harwood en Nevill Coghill 62
4.1.3.3 George MacDonald en Euripides 63
4.1.3.4 Opmerking deur 'n geharde ateïs 65

4.2 Gebeure as bakens op Lewis se bekeringsweg 66

4.2.1 Die lees van die *Phantastes, a faerie Romance* 66
4.2.2 Gebeure wat lei tot die wisseling van plek 67
4.2.3 Gesprek met J.R.R. Tolkien en H.V.V. Dyson 70

4.3 Innerlike konflik as dryfkrag op Lewis se bekeringsweg 71

4.4 Samevatting 73

SLOT 75

BRONNELYS 78

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

AGTERGROND

1. Inleiding

In hierdie tesis word twee literêre bekeringsverhale waarin die historiese werklikheid deur die skrywers weergegee word, met mekaar vergelyk. Die eerste is die bekeringsverhaal van die vierde eeuse kerkvader Augustinus, soos in sy *Confessiones* opgeteken.[1] Die tweede is die bekeringsverhaal van die gewilde twintigste eeuse skrywer C.S. Lewis, deur hom opgeteken in sy werk *Surprised by Joy.*[2] C.S. Lewis[3] het homself beskryf as "... the most reluctant convert ...". Dit stem ooreen met Augustinus se "onvermoë" om tot bekering te kom, sy pogings om dit so lank as moontlik uit te stel. Verwysings in die literatuur na raakpunte tussen die bekeringsverhale van Augustinus en Lewis is vaag en informeel. Ten einde op 'n akademies verantwoorde manier vas te stel of daar wel enige beduidende raakpunte is tussen die twee bekeringsverhale, word bakens wat Augustinus op sy bekeringsweg uitgelig en beklemtoon het, vergelyk met ooreenstemmende bakens op Lewis se bekeringsweg.

Om Augustinus se bekeringsverhaal histories te kan plaas teen die agtergrond waarin hy geleef en tot bekering gekom het, word in Hoofstuk 1 'n uiteensetting gegee van die Christelike godsdiens as sosiale fenomeen in die Antieke Wêreld. As agtergrond vir die aantrekkingskrag van die Christelike lewenstyl, word die opkoms van die Christendom in die Antieke Wêreld beskryf, en die invloed wat die disintegrasie van die Romeinse Ryk op die vestiging van die Christendom gehad het. Enkele maniere waarop die Christelike boodskap versprei is, word uitgelig, met die klem op die intellektuele tradisie wat aan Christene bekend was.

In Hoofstuk 2 word kort lewensbeskrywings van Augustinus en Lewis gegee. Die weg wat elkeen gevolg het voordat hy tot bekering in Christus gekom het, word ook kortliks uit die

---

[1] Vir die doel van die tesis word Pine-Coffin se vertaling van die *Confessiones* gebruik: Pine-Coffin, R.S. (tr.). 1961. *Saint Augustine Confessions*. London: Harmondsworth (Penguin Classics).
[2] Lewis, C.S. 1955. *Surprised by Joy. The shape of my early life.* Glasgow: Harper Collins Manufacturing.
[3] In die tesis sal verder na C.S. Lewis as "Lewis" verwys word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Confessiones en *Surprised by Joy* toegelig. Die hoofstuk dien as agtergrond vir Hoofstuk 3 waarin bakens op Augustinus se bekeringsweg bespreek word. Die bakens waaraan hy erkenning verleen, is (i) verskeie persone wat 'n belangrike rol in sy bekering gespeel het (ook indirek deur boeke en ander geskrifte); (ii) gebeure in sy lewe wat by terugskouing geblyk het van beduidende betekenis te wees; en (iii) innerlike konflik wat hom op sy bekeringsweg voortgedryf het.[4] In Hoofstuk 4 word Lewis se beskrywing van die bakens op sy bekeringsweg vergelyk met dié van Augustinus, en raakpunte word uitgewys. Die gevolgtrekking waartoe in die navorsing gekom word, word in die Slot uiteengesit.

1.1 Bekering

Die term *bekering* word in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beskryf as 'n "verandering van hart, afkeer van die sonde" of 'n "verandering van opvatting" (HAT:70). Nock (1933:7) omskryf bekering in meer detail as die heroriëntering van die siel van 'n individu: die bewuste wegdraai van onverskilligheid of van 'n vroeër vorm van vroomheid. Hierdie wegdraai veronderstel die bewuswording van 'n groot verandering wat plaasgevind het; die wete dat die oue verkeerd was en die nuwe reg. William James (1902:186) sien bekering as 'n proses waarvolgens 'n individu wat in hom/haarself tot dusver verskeurd, en bewustelik verkeerd, minderwaardig en ongelukkig was, "herstel" om bewustelik reg, meerwaardig en gelukkig te wees namate 'n sterker greep op religieuse realiteite verkry word. Die bekeringsproses kan geleidelik of skielik plaasvind. Dit kan gebeur as gevolg van veranderde gevoelens, veranderde gebeure, nuwe intellektuele insigte, of deur mistieke ervarings.[5] Hoe dit ook al gebeur, bekering kom as 'n soort verligting, en wanneer religieus van aard, as 'n uiterste vorm van verligting en ongekende vreugde (James 1902:172).

Uit bostaande beskrywings kan afgelei word dat bekering nie noodwendig bekering tot 'n religie beteken nie; dit kan ook bekering tot 'n filosofie wees. In die tesis word die term "bekering" in die religieuse sin gebruik. Omdat Augustinus hom eers tot 'n filosofie bekeer het, word die onderskeiding tussen bekering tot 'n religie en bekering tot 'n filosofie hieronder bondig toegelig.

---

[4] Die indeling en sistematisering van die stof wat in Hoofstuk 3 behandel word, is sterk beïnvloed deur Quentin Colgan se artikel "Teaching the *Confessions*, Books 1-8: Theme and Pattern" (http://www.bu.edu/wcp/Papers/Teac/TeacColg.htm).

[5] Sowel Augustinus as Lewis se bekering het gevolg op nuwe intellektuele insigte waartoe hulle gekom het. Inligting hieroor volg in hoofstukke 2, 3 en 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.1.1 Bekering tot 'n filosofie

Filosofie het oorspronklik die toewyding aan ongewone kennis beteken (Boardman et al. 2001a:107). Kritiese en konstruktiewe denke het in die sesde en vyfde eeu v.C. ontwikkel oor die fisiese wêreld, die plek van gode en die siel in hierdie wêreld, die verhouding tussen realiteit en skyn, die oorsprong en aard van die menslike samelewing en die beginsels waarvolgens die wêreld regeer moes word (Boardman et al. 2001a:109). Filosofiese skole het ontstaan wat verstaanbare verklarings vir problematiese verskynsels gebied het en 'n plan voorgehou het waarvolgens gelewe moes word (Nock 1933:167).

Filosofie het in die opvoeding groot prestige-waarde gehad en het van die mees merkwaardige modelfigure van die antieke tyd opgelewer.[6] Beroemde filosowe kon persoonlik aangehoor word, en is oor die algemeen as super-wesens geag en as wonderdoeners gesien (Nock 1933:175-176). Hulle is gereken as persone wat die gebreke van die mensdom kon versag en hulle funksie was dié van berisping, aanmaning en lering. Enige filosofie van die tyd het 'n waardestelsel gebied wat verskil het van die lewe daarbuite. 'n Spesifieke filosofie kon dien as aansporing vir 'n ernstige of streng lewe en die aanvaarding daarvan het as 't ware op 'n bekering neergekom vir 'n persoon wat onverskillig gelewe het (Nock 1933:173).

In die Hellenistiese wêreld was bekering tot 'n filosofie 'n realiteit. Bekeerlinge is gewerf vir die eksklusiewe kognitiewe en gedragsleer van bepaalde filosofiese skole (Aune 1991:96). 'n Student moes oortuig word van sy liefde vir wysheid in die algemeen, moes 'n spesifieke filosofiese skool kies en tot volle oorgawe aan die streng eise van die gevorderde dissipline kom (Jordan 1986:309).

Al het filosowe verskillende sienings gehad, het hulle die oortuiging gedeel dat deug verband hou met die verkryging van kennis en dat ondeug of verdorwenheid die produk van onkunde is. Volkome geluk ("happiness" of "joy") was slegs deur die verkryging van kennis moontlik. Deur kennis te bekom, kon menslike tekortkomings te bowe gekom word en persoonlike vervulling bereik word. Om deugsaam te wees, was die verwesenliking van die volle menslike potensiaal wat deur die beoefening van dissipline en 'n rasionele leefwyse verkry kon word (Malherbe 1986:13).

---

[6] Voorbeelde sluit Sokrates, Plato en Aristoteles in (Boardman et al. 2001a:231-246).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.1.2 Bekering tot 'n religie

Griekse religie was oorspronklik politeïsties van aard en 'n gebalanseerde aanbidder het aan alle gode respek betoon. Verskillende Griekse gemeenskappe het spesiale eer aan verskillende gode bewys, maar daardeur nie ander gode uitgesluit nie (Boardman et al. 2001a:248). Die monoteïstiese Christelike missie in die Grieks-Romeinse wêreld het ongekende sukses behaal wat die Romeinse regering tot vervolging, en filosowe tot kritiek uitgelok het. Christene was bereid om aan die keiser te gee wat hom toekom, en aan God wat Hom toekom; maar aan die politeïstiese kultus, wat hulle as aanbidding van bose geeste beskou het, wou hulle nie meer deel hê nie (Boardman et al. 2001b:415). Klem is geplaas op verlossing en genade, gehoorsaamheid en nederigheid waarvan Christus die model was (Boardman et al. 2001b:417).

Bekering tot 'n religie impliseer dat religieuse idees wat voorheen op die buiterand van die bewussyn gehuiwer het, ná bekering 'n sentrale plek inneem. Religieuse doelstellings vorm dan die dryfveer van die individu se bestaan (James 1902:193). Die gevoel dat 'n wonderwerk, eerder as 'n natuurlike proses, bekering teweegbring, is ook algemeen. Stemme word dikwels gehoor, ligte gesien, of visioene waargeneem. Wanneer die persoonlike begeerte (wil) tot inkeer kom, is dit ook asof 'n vreemde hoër krag besit oorneem. Die gevoel van vernuwing, veiligheid, reinheid en egtheid kan so wonderbaarlik en verruklik wees dat dit die geloof radikaal nuut waarborg (James 1902:224). Die oortuiging van sonde het 'n groot rol gespeel in die geskiedenis van die Christendom. Die bekeerling beleef 'n innerlike stryd tussen twee dodelik vyandige persoonlikhede: die een 'n werklikheid en die ander die ideaal. Hiervan was Augustinus 'n klassieke voorbeeld (James 1902:167-168).

1.1.3 Verband tussen filosofie en religie

Sedert die eerste eeu v.C. was filosofie in toenemende mate oopgestel vir religieuse invloed. Filosowe het egter klem gelê op die rede en vertroue op die self in die strewe na deug. Christene, daarenteen, het die klem geplaas op die afhanklikheid van God, Christus en die Heilige Gees. Vir hulle was die morele lewe die uitvloeisel van hulle kennis van God en die Heilige Wil en hulle het selde oor deug gepraat. Die Griekse opvatting van karakter-ontwikkeling en geluk as einddoel was nie vir Christene die ideaal nie (Malherbe 1986:15). Filosofie is algemeen aanvaar as die gids tot die uitnemende geestelike en morele lewenswyse. Omdat kritiek uitgespreek is oor die twyfelagtige sedelikheid van tradisionele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Griekse gode en die invloed van pagane religie op moraliteit afgeneem het, was filosofie nader aan die Christelike ideaal as dit wat deur pagane religie voorgehou is (Malherbe 1986:11).

1.2 Die Christelike godsdiens as sosiale fenomeen

Die lewe in die Grieks-Romeinse platteland is tydens die era van die Romeinse Ryk[7] deur die vrees vir hongersnood oorheers (Brown 1972:15). Die sogenaamde landbou-geloof wat beoefen is, was daarop gemik om goeie oeste te verseker deur rituele getrou uit te voer en daardeur die goedgunstigheid van die gode te verseker. Enige ongewone voorvalle wat in die natuur waargeneem is, was tekens dat die vrede met die gode verbreek is (Dowley 1988:46-47).

Die opkoms van die Christendom was die belangrikste sosiale verandering wat binne die Romeinse Ryk plaasgevind het. Hierdeur is 'n nuwe lewenstyl en nuwe lojaliteite geskep wat aan mense nuwe ambisies en nuwe bevrediging gebied het (Momigliano 1963:6). Die innerlike lewe het begin oorspoel in die sosiale lewenswyse en 'n gemeenskap het na vore getree wat meer intens deur hulle geloof beïnvloed is (Brown 1972:13-14). Die Christelike etiek van liefde en betrokkenheid by ander het 'n gevoel van identiteit en geborgenheid gebied aan mense wat andersins sonder hoop en baie eensaam sou wees (Dowley 1988:xii).

1.2.1 Die opkoms van die Christendom

Die Christelike beweging het in Jerusalem vanuit die Judaïsme ontstaan en van die Romeinse provinsie, Judea, verder uitgekring na gemeenskappe sover as Rome en Alexandrië. Die volgelinge van Jesus wou aan soveel mense as moontlik die feite oor sy opstanding en die toekomsverwagting van God se Koninkryk en Oordeel bekend maak. Hulle het geglo dat die Gees van God op die gemeenskap uitgestort is, en hierdie opvatting van geesvervulling het ontsag ingeboesem.

Ná die steniging van die eerste Christen-martelaar, Stefanus, het die Christelike beweging momentum verkry toe 'n verstrooiing van Christene plaasgevind het. Hulle het aanvanklik

---

[7] Die tydperk van die Romeinse Ryk strek van 27v.C. toe Keiser Augustus aan bewind gekom het tot 476n.C. toe die laaste keiser van die Wes-Romeinse Ryk deur die Gote verslaan is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slegs met Jode oor Jesus gepraat, maar mettertyd ook met Grieke. Nadat Paulus,[8] 'n vurige teenstander van die Christelike geloof, op die pad na Damaskus dramaties tot bekering gekom het, het hy nuwe entoesiasme in die beweging gebring. Paulus se bekering tot die Christelike geloof het vir hom 'n totale omkeer van sy ou weë beteken; dit was die eerste Christelike bekering wat die openbare aandag getrek het. Uit die *Confessiones* blyk dit dat Augustinus goed bekend was met Paulus se bekeringsverhaal.[9]

Paulus en sy medewerker, Barnabas, het verskeie sendingreise onderneem en die Christelike boodskap het steeds verder versprei, hoewel dit nie op opsienbarende wyse verkondig is nie. Aanvanklik is in sinagoges opgetree, soms op die markplein en meestal in privaat wonings. Die wêreld het egter eers ná die groot brand in Rome in 64 kennis geneem dat Christene van Jode verskil toe Nero Christene die skuld vir die ramp gegee het en hulle begin vervolg het. Hierna het die Christelike beweging uit die openbare oog verdwyn (Nock 1933:187-192). Vir twee eeue het mense bloot toevallig met die Christelike beweging in aanraking gekom wanneer hulle 'n lid van die beweging ontmoet het, óf as hulle nuuskierigheid geprikkel is deur duiweluitdrywings of die gruweldood van Christen-martelare (Nock 1933:211).

Die Christendom was nog 'n verdrukte minderheidsgeloof toe Keiser Konstantyn die Grote in 312 tot bekering gekom het (Dowley 1988:130). Sy aanvaarding van die Christelike geloof was, volgens Momigliano (1963:34), nie 'n berekende politieke skuif nie; hy het opreg geglo dat die Hoogste Heilige meer aktief was as beskikker van militêre oorwinnings as die tradisionele gode. In 313 is die Christelike geloof tot 'n erkende godsdiens van die Ryk verklaar en in 395, ongeveer nege jaar ná Augustinus se bekering, is die meerderheidstatus van Christene erken toe die Christendom die enigste amptelike staatsgodsdiens geword het (Dowley 1988:xiii).

1.2.2 Die invloed van die disintegrasie van die Romeinse Ryk op die vestiging van die Christendom

Die Romeinse Ryk het in die derde eeu disintegrasie in die gesig gestaar.[10] Die monetêre ekonomie het in duie gestort en die middelklas het gedemoraliseerd en verarm uit die krisis

---

[8] Paulus het behoort tot die Joodse wêreld (deur geboorte), het die Griekse kultuur en taal geken en was 'n Romeinse burger, wat aan hom bewegingsvryheid verleen het (Dowley 1988:63-64).
[9] Sien paragrawe 2.1.2, 3.1.3.1 en 3.1.3.2 hieronder vir meer inligting oor Augustinus se kennis van Paulus.
[10] Tensy anders vermeld, is die historiese inligting in hierdie paragraaf verkry uit Momigliano (1963:7-9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekom. Hulle moes hul inkomste op allerhande maniere probeer aanvul. 'n Algemene gebrek aan werkers en verhoogde belastings het gelei tot onaangename lewensomstandighede. Die owerhede het die disintegrasie probeer teenwerk deur dorpsrade te verbind tot die invordering van belastings. Kleinboere is aan die land gebind deur hulle tot sekere aktiwiteite te verplig wat van geslag tot geslag oorgedra moes word. Die leër is ook op onekonomiese wyse georganiseer. 'n Groot kloof het tussen ryk en arm ontstaan.

Ryk families het hulle al meer op die platteland gevestig en selfversorgende eenhede geword. Die senatore-klas het in die derde eeu verklein toe die bevel oor die leër en ook tot 'n mindere mate beheer oor provinsiale bestuur van hulle weggeneem is. In die vierde eeu het die senatore tot 'n magtige kliek ryk landhere ontwikkel wat die lewe geniet het deur onder andere retoriek en digkuns te beoefen. Volgens Momigliano (1963:33) het die sosiale veranderinge wat in die derde en vierde eeue plaasgevind het, heel waarskynlik 'n belangrike rol gespeel in die opkoms van die Christendom in die Romeinse Ryk. Dit was juis in dié tyd dat Augustinus gelewe het en uitgestyg het tot een van die grootste figure wat die Christendom opgelewer het.

Die Christendom se krag het aanvanklik gelê in die laer en middelklasse van stede en dorpe, by handarbeiders, klerke, winkeliers en handelaars (Momigliano 1963:21). Van die begin af het die kerk egter 'n groep opgevoede en invloedryke persone getrek (Boardman et al. 2001b:419). Mettertyd het die Christelike aristokrasie 'n al groter rol begin speel en die staat was nie by magte om die kompetisie wat die kerk gebied het, teen te staan nie. Kreatiewe denkers het tot die Christelike beweging toegetree wat die Christelike teologie gekombineer het met die filosofie, asook wêreldlike politieke vaardighede met 'n geborge geloof in onverganklike waardes. Geleerdes en nie-geleerdes kon by die kreatiewe denkers leer en die daaglikse bestaan van 'n steeds groeiende groep mense is deur hulle beïnvloed (Momigliano 1963:8). Die Christelike godsdiens wat binne die Romeinse Ryk tot stand gekom het, het 'n samebindende element in die lewe van 'n groot beskawing geword en dit geleidelik deurdring (Halliday 1970:2).

1.2.3 Die verspreiding van die Christelike boodskap

'n Verenigende taal en kultuur, veral in die stede van die Romeinse Ryk, het daartoe gelei dat die Christelike boodskap in 'n redelike kort tyd oor 'n baie groot gebied versprei het. Omdat die eerste Christene Jode was en Jode dwarsoor die Ryk gewoon het, was dit maklik vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Christene om hulle boodskap al verder in die Ryk uit te dra. Hulle het vir byna 'n hele geslag lank in sinagoges opgetree ten spyte van die groeiende verwydering tussen Christelike kerk en Joodse sinagoge (Dowley 1988:65).

Hoewel die Christelike boodskap redelik vinnig versprei het, het Christene meestal nie opvallend opgetree nie. Hulle het voorkeur gegee aan die intellektuele tradisie van die antieke tyd wat nie vir hulle vreemd was nie.[11] Die enigste Christelike voorbeeld wat werklik openbare aandag getrek het, was die martelare wat God se naam geheilig het deur eerder vir hulle geloof te sterf as om 'n wêreldse wet te gehoorsaam (Nock 1933:193).

1.2.3.1 Openbare voorbeeld

In die derde en vroeë vierde eeue is Christene deur die hele Romeinse Ryk vervolg nadat vervolgings aanvanklik slegs sporadies voorgekom het. Die voorbeeld van soveel wat blymoedig vir hulle geloof gesterf het, het buitestaanders aangegryp en het daartoe gelei dat meer mense tot bekering gekom het as wat die marteldood gesterf het. Tertullianus, die eerste belangrike Christelike skrywer wat in Latyn geskryf het, het die bloed van die Christen-martelare juis daarom beskryf as die "saad van die kerk" (Dowley 1988:xiii; Nock 1933:194).

1.2.3.2 Intellektuele tradisie

Christene het die intellektuele tradisie aangewend om in gesprekke en geskrifte die Christelike boodskap op 'n intelligente wyse te verduidelik en die aanvalle van nie-Christelike kritici te weerlê (Boardman et al. 2001b:415). Al meer geskrewe stukke het die lig gesien om persoonlike getuienis, die mees algemene vorm van evangelisasie, aan te vul. Geskrifte is soms op 'n spesifieke groep toegespits, 'n bepaalde tema is behandel of vertalings is gedoen om al meer mense te probeer bereik en tot die Christelike geloof te bekeer (Dowley 1988:85-87).

In die tweede eeu het Christen-skrywers begin soek na modelle vir bekeringsgeskrifte. Hiervoor het hulle hulle nie tot die kultusse gewend wat slegs mites en rituele gebied het nie, maar tot die voorbeeld van filosofiese skole wat lank reeds oortuigingsgenres ontwikkel het (Guerra 1995:12). Aangesien die *Confessiones* protrepties en *Surprised by Joy* apologeties van aard is, word die eienskappe van hierdie twee oortuigingsgenres kortliks bespreek.

---

[11] Sien paragraaf 1.2.3.2 vir meer detail oor die intellektuele tradisie in die Antieke Wêreld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2.3.2.1 Die protreptiese genre

Die proptreptiese genre (λόγος προτρεπτικός) van die antieke tyd het gedien as uitnodiging tot 'n ondernemende leefwyse. Die hoogstaande gehalte van die gepropageerde leefwyse is deurentyd beklemtoon. Die genre is aanvanklik deur redenaars in hulle toesprake in die politieke arena en geregshowe beoefen, maar het in die middel van die derde eeu gewild geword ná die verskyning van Aristoteles se *Protrepticus* waarin 'n uitnodiging gerig is tot die rasionele leefwyse van die filosofie (Malherbe 1986:122). Die beroemdste voorbeeld van 'n Latynse protreptiese geskrif is die *Hortensius* van Cicero. Dit is bekend dat Augustinus hierdie werk gelees het en dat hy grootliks daardeur beïnvloed is. Augustinus was dus bekend met die protreptiese genre (Jordan 1986:311).

As klassieke genre het die λόγος προτρεπτικός mense aangespoor om 'n spesifieke professie (van militêre diens tot geneeskunde) te beoefen, of om studente aan te moedig om verder in hulle gekose rigting te spesialiseer (Guerra 1995:3). Die trefkrag van die genre het nie in uiterlike dinge soos seremonies en ampsdrag gelê nie, maar in woorde (Jordan 1986:309). 'n Goeie spreker het die kuns verstaan om sy gehoor te peil en 'n aanbiedingstyl te kies waarmee hy sy gehoor op die beste manier tot oorgawe kon oorreed. Die toon het gewisssel en kon kwaai, vriendelik, skerp of strelend oorkom, maar die doel was altyd om die hoorder eerlik en reguit aan te spreek (Malherbe 1986:121).

Teen die eerste eeu n.C. het die eksklusiewe en aristokratiese aard van die ouer filosofiese skole begin verander. Demokratisering en gewildheid het daartoe gelei dat skole met mekaar moes begin meeding om aanhangers te lok en te behou. Hiervoor is die genre van die λόγος προτρεπτικός op groot skaal beoefen (Aune 1991:101-102). Die hoofdoel van die λόγος προτρεπτικός binne die konteks van filosofiese skole en tradisies was om "bekering" aan te moedig tot 'n bepaalde stelsel wat billik, geoorloof, wenslik, eerbaar, aangenaam en uitvoerbaar was.[12] Dit was slegs moontlik om mense oor te haal om programme van 'n spesifieke filosofiese skool te volg as die filosofie wat deur die skool gepropageer is werklik deur sy aanhangers as die absolute waarheid beskou is en mededingende en alternatiewe moontlikhede uitgesluit het (Aune 1991:93, 95).

[12] Sien ook paragraaf 1.1.1 vir die bekering tot 'n filosofie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Algemeen strukturele beskrywing van die λόγος προτρεπτικός is nie moontlik nie omdat 'n definitiewe kombinasie van vorm, styl en tema nie bestaan het nie. Filosofiese protreptieke was in die vorm van dialoë, orasies, briewe, bundels, liedere, biografieë en klasvoorlesings (Jordan 1986:328). Volgens Aune (1991:94) het die styl van aansporing tot oorgawe gelê in die vaardigheid waarmee individue, groepe of 'n menigte oortuig kon word dat hulle nie op hulle ingeslane weg moes voortgaan nie. Aune (1991:101) beweer dat die basiese struktuur van die λόγος προτρεπτικός bestaan uit (i) 'n negatiewe deel waarin kritiek op mededingende bronne van kennis, manier van lewe en ander denkskole uitgespreek is; (ii) 'n positiewe deel waarin die waarheid van filosofiese kennis, denkskole, of leefwyses voorgehou, geprys en verdedig is; en (iii) 'n opsionele deel waarin 'n persoonlike uitnodiging tot onmiddellike aanvaarding gerig word. Berger (1984:1141) vind gemeenskaplike kenmerke soos die volgende in die protreptiese genre: (i) 'n luisteraar word 'n bepaalde weg/rigting aangedui; (ii) twee alternatiewe weë met teenoorgestelde bestemmings/uiteindes word voorgehou; en (iii) die aanbevole weg word openlik aangemoedig en die bestendigheid daarvan aangeprys.

Jordan (1986:330-331) wys op die verskeidenheid van retoriese strategieë wat in die protreptiese genre aangewend is. Eksoteriese protreptiek is aangewend om mense op openbare plekke te werf, terwyl esoteriese protreptiek lede van 'n skool tot volgehoue vordering aangemoedig het. Fyner onderskeiding in retoriese benadering is selfs gemaak om die aantal hoorders (een, enkele, baie), hulle verhouding tot die spreker (vriende, vreemdelinge), opvoedingspeil (handarbeiders, vrye kunste, retoriek) en karakters in aanmerking te neem.

Vroeë Christen-skrywers was veel verskuldig aan hulle voorgangers en tydgenote uit die filosofiese en pagane tradisie by wie hulle aspekte van 'n reeds bewese denkwyse kon oorneem. Hulle het openlik gebruik gemaak van die beproefde onderrigmetodes en letterkundige genres van filosowe (Malherbe 1986:11). Die protreptiese genre is aangewend om nie-Christene te oortuig en aan te moedig om hulle tot die Christelike geloof te bekeer (Aune 1991:105).

1.2.3.2.2 Apologetiese geskrifte

Apologetiek is gemoeid met die verdediging van historiese feite wat met intellektuele en rasionele nougesetheid voorgehou word (Peters 1985:53). Omdat die gehoor van die apologeet nie glo nie, moet 'n filosofiese verdediging van die geloof gebied word in die hoop om op suiwer rasionele oorwegings die waarheid tuis te bring (Beversluis 1985:2). Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskrifte het 'n kenmerkende inhoud en styl: bewyse en argumente word aangevoer om aanklagte teen die Christelike leer te weerspreek (Guerra 1995:181). Die apologetiese genre is deur skrywers van die Christelike beweging as propagandistiese appél aangewend om bekeerlinge vir die nuwe beweging te wen en het dus dieselfde doel as die filosofiese protreptiek gedien (Guerra 1995:ix).

Eienskappe van oorreding in apologetiese geskrifte van die tweede eeu, was onder andere om (i) 'n verband te lê tussen die religieuse posisie van die apologeet en dié van 'n ouer en dikwels geëerde religieuse en intellektuele tradisie; (ii) ander religieuse, intellektuele en kulturele tradisies en teenstrydighede van die verlede uit te lig en skerp te kritiseer; (iii) positiewe rasionele standaarde vir die inhoud en manier van argumentering daar te stel; (iv) algemene skriftuurlike bewyse en bewyse uit klassieke geskrifte ter bevestiging van die apologeet se oproep voor te hou; (v) die geskiedenis logies te verantwoord ter voorbereiding van die verkondiging van die Christelike boodskap; (vi) monoteïsme as sentrale kenmerk van die gemeenskap te bevestig; (vii) Christene op te roep om hoër morele standaarde te handhaaf; en (viii) die gehoor uit te nooi om die waarheid wat voorgehou is, te oorweeg en aan te hang (Guerra 1995:13-18).

Ten einde voornemende volgelinge te oortuig, spreek dit vanself dat wat deur die protreptiese genre en die apologetiese geskrifte voorgehou is só aantreklik moes wees dat mense hulle bestaande denk- en lewenswyse daarvolgens sou wou verander.

1.2.4 Aantrekkingskrag van die Christelike lewenstyl

Die arm en verdrukte klasse het in die antieke tyd aan 'n gevoel van minderwaardigheid gely en het gesmag na selfhandhawing. Om aan die Christelike beweging te behoort, het aan hulle 'n sinvolle gevoel van belangrikheid verleen. Toetrede tot so 'n groep kon bekom word deur aan sekere eise[13] te voldoen, wat as verdere stimulus vir aansluiting gedien het (Nock 1933:212-213). Van groot belang was die aanspraak dat gedoopte volgelinge krag en genade sou ontvang om te voldoen aan die eise wat aan hulle gestel word (Nock 1933:220).

---

[13] Christelike geloofswaarhede moes aanvaar word met die belofte om daarby te hou, waarna toelating tot die doop en nagmaal verkry kon word (Nock 1933:213). Nuwe en effektiewe motiewe vir goeie gedrag en wegkeer van die verlede was o.a. die eis van belydenis van sondes, ontsag vir God, oorgawe aan Jesus en liefde vir medegelowiges (Nock 1933:218-219). Volgelinge moes afstand doen van alle pagane afgode (Nock 1933:221) wat die amptelike aanbidding van gode van die Staat en spesifieke dorpsgebied ingesluit het (Nock 1933:227). Die gebruik van astrologie en toorkuns moes ook afgesweer word (Nock 1933:229).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Christelike lewenswyse van eenvoud, gemeensaamheid, evangelisasie en liefde was meer aanvaarbaar as enigiets wat die pagane gemeenskap kon bied, en die leringe was maklik om te verstaan. Gelowiges het geglo dat Jesus die beloofde Messias is wat hulle van hulle sondes bevry en hulle lewens deur die krag van die Heilige Gees verander het. Hulle was verseker van vergifnis van sonde, vrede met God, hoop op die toekoms, en 'n lewe na die dood (Dowley 1988:xi-xii).

Vir die buitestaander was die dogma van God die Vader, wat deur die Christelike beweging voorgehou is, maklik aanvaarbaar. Van oorsprong was dit Joods, maar dit het ontwikkeling getoon omdat die Vader voorgehou is as in 'n persoonlike verhouding tot die individu, eerder as tot die volk in geheel. Die Grieke het die begrip van God die Vader nie vreemd gevind nie, want in die godedom is Zeus sedert Homeros se tyd (agste eeu v.C.) beskou as die vader van alle mense (Nock 1933:229). Die lering oor Jesus, synde God se seun op aarde, het nie weerstand gewek nie, want in die antieke mitologie, soos in ander mitologieë, was dit algemeen dat 'n god 'n seun kon hê. Verskeie Griekse helde het ook volgens oorlewering 'n aardse en 'n goddelike vader gehad (Nock 1933:232-233).[14] Die feit van Jesus se dood en opstanding het eweneens ingepas in die antieke denkpatroon, want die seun van 'n god kon sterf en weer opgewek word (Nock 1933:234).[15] In die antieke tyd was dit algemeen dat gebede en offerandes nie direk aan die oppergod gebring is nie. Daarom was die Christelike idee volkome begryplik dat die mens die Vader deur Jesus nader, en dat God bemoeienis met die mens maak deur Jesus as die Woord (Nock 1933:236).

1.3 Samevatting

Die sukses van die Christelike godsdiens het gespruit uit die harmonie wat tussen die gewydheid van die instelling en die filosofie van daardie tyd ontstaan het. Daar was 'n begeerte om aan die noodlot te ontsnap en 'n hunkering na die sekuriteit wat die hiernamaals gebied het. Die Christelike lewenswyse het geleerdes en nie-geleerdes in die wêreld laat tuis voel, het sosiale behoeftes bevredig en 'n skans teen eensaamheid gebied. Onverbiddelike eise

---

[14] Byvoorbeeld, Herakles se vader was die god Zeus en sy moeder was die vrou Alkmene (wat op aarde getroud was met Amfitruon) (Harris & Platzner 1995:1040).

[15] Apollo se seun Asklepios, Griekse grondlegger en beskermheer van medisyne, is byvoorbeeld deur Zeus met 'n bliksemstraal gedood toe hy so vaardig geword het dat hy selfs mense uit die dood kon opwek. Volgens tradisie is onsterflikheid ná sy dood aan hom verleen (Harris & Platzner 1995:213).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is aan Christene gestel wat tot die beweging toegetree het, maar dié wat daaraan voldoen het, het ongekende sekerheid geniet (Nock 1933:210-211).

Die agtergrond wat in hierdie hoofstuk geskets is, dien om Augustinus in sy tydvak te plaas. Hy was 'n tipiese figuur van sy tyd. Hy het geglo aan die bestaan van die gode, waarvan die teenwoordigheid en bedrywigheid van die Christelike god so voor die hand liggend en onbetwisbaar as enige van die ander was. Die lewe was onseker en vir almal was die vrees vir die gode en die begeerte om in 'n goeie verhouding met hulle te staan 'n werklikheid (Scott 1995:25-26). Die ideale van klassieke opvoeding wat deur die nuwe administratiewe elite aangehang is, het moontlikhede vir vooruitgang gebied wat tegelykertyd 'n losmaak van tradisies beteken het. Augustinus, seun van ambisieuse ouers woonagtig in 'n Romeinse provinsie, was bevoorreg om in hierdie opvoeding te kon deel (Scott 1995:70).

In sy *Confessiones* skryf Augustinus oor die verloop van sy lewe en die pad van bekering wat hy in die vierde eeu gevolg het voordat hy tot finale sekerheid in die Christelike geloof gekom het. Lewis was bekend met dié werk[16] en vertel op sy beurt in *Surprised by Joy* hoe sy weg van bekering in die twintigste eeu verloop het. Lesers word reeds sedert die antieke tyd en steeds in die een en twintigste eeu deur hierdie en soortgelyke werke aangespreek en beïnvloed.

[16] *Surprised by Joy*, bl. 7. Sien verder ook die inleidende paragraaf van Hoofstuk 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

AUGUSTINUS EN C.S. LEWIS

You made us for yourself and our hearts find
no peace until they rest in you
(*Confessiones* 1.1)

2. Inleiding

In hierdie hoofstuk word kort lewensbeskrywings van Augustinus en C.S. Lewis gegee. Die weg wat elkeen gevolg het voordat hy tot bekering in Christus gekom het, word ook kortliks uit die *Confessiones* en *Surprised by Joy* toegelig. Twee opvallende eienskappe wat in albei bekeringsverhale duidelik na vore kom, word kortliks aangeraak, naamlik Augustinus en Lewis se soeke na waarheid en hulle waardering vir vriendskap. Die hoofstuk dien as algemene agtergrond vir Hoofstuk 3 waarin bakens op Augustinus se bekeringsweg uitgelig word. In Hoofstuk 4 word ooreenstemmende bakens op Lewis se bekeringsweg bespreek ten einde raakpunte met dié van Augustinus uit te wys.

2.1 Augustinus (354 – 430)

Een van die bekendse bekeringsverhale van alle tye is dié van Augustinus. Hy het die verhaal van sy bekering op ongeveer 45-jarige ouderdom geskryf, kort nadat hy biskop van Hippo, in Noord-Afrika, geword het. In sy *Confessiones* vertel hy van sy rustelose en roekelose jeug, van sy soeke en verlange totdat hy God gevind en tot volle inkeer gekom het. Die verloop van sy lewe gryp mense vandag nog aan omdat hy, wat homself as 'n groot sondaar beskou het, teen alle verwagtinge in 'n bekende heilige geword het.

2.1.1 Kort lewenskets[1]

Augustinus is op 13 November 354n.C. in Thagaste op die grens van Numidië en die Romeinse Afrika-provinsie gebore, 'n omgewing waar die Christendom op daardie stadium

[1] Tensy anders vermeld, is die historiese inligting in paragraaf 2.1.1 verkry uit Scott (1995: Deel 2); Clark (1995: Inleiding); Brown (1967: Deel 1); O'Meara (1954: Hoofstukke 1, 2 en 6).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toenemend veld gewen het.[2] Sy vader Patricius, 'n grondeienaar en lid van die dorpsraad, was waarskynlik 'n Numidiër van geboorte, en sy moeder Monica, van Berberse oorsprong. Patricius was 'n pagaan wat kort voor sy dood tot bekering gekom het, en Monica 'n vroom Christen uit 'n Christelike familie. Beide ouers was vasbeslote dat Augustinus 'n goeie opvoeding moes kry. Monica het haar ook deurentyd doelbewus vir Augustinus se bekering tot die Christendom beywer.

Augustinus het sy skooljare in Thagaste gehaat, maar leer lees, skryf en reken en bewys gelewer dat hy vir verdere opleiding bestem was. In Madauros, suid van Thagaste, het hy die skryf- en spraakkuns bemeester en letterkunde bestudeer. In 370 moes hy na Thagaste terugkeer sodat sy ouers genoeg geld bymekaar kon maak om hom verder te laat studeer. Hulle het die hulp van 'n ryk landeienaar, Romanianus, bekom wat hulle finansieel ondersteun het, en in 371 is Augustinus die eerste keer na Karthago waar hy in retoriek geskool is. Die opleiding wat hy ontvang het, het hom voorberei vir 'n loopbaan in die openbare diens.

Volgens Augustinus het hy in Karthago 'n redelik losbandige lewe gelei. Hy het egter in 372 'n baie gelukkige verbintenis met 'n vrou aangegaan wat ongeveer dertien jaar geduur het.[3] Sy het in 373 die lewe aan sy seun, Adeodatus, geskenk. In 374 het Augustinus in Karthago begin onderrig gee en sy bes gedoen om hom van sy kollegas te onderskei. Dit was hier waar hy waarskynlik laat in 373 of vroeg in 374 met die Manicheërs, 'n Christelike sekte, in aanraking gekom het. Hy is in 375 terug na Thagaste om onderrig in letterkunde te gee. Ná die dood van 'n jeugvriend waardeur hy erg geraak is, is hy in 376 weer weg uit Thagaste en terug na Karthago.[4]

Sonder om sy weldoener Romanianus en Monica in kennis te stel, het Augustinus in 383 onverwags in die geheim na Rome vertrek om 'n meer onafhanklike lewe te lei. Toe die leerstoel in retoriek in 384 in Milaan vakant raak, is Augustinus deur sy Manichese kontakte as kandidaat aanbeveel en die wêreldse sukses waarna hy gesoek het, het binne sy bereik gekom. Ter wille van sy ambisie het hy in 385 sy gesellin na Afrika teruggestuur terwyl sy seun by hom agtergebly het. Hy het hom verloof aan 'n vrou met aansien in die gemeenskap wat deur sy ma uitgesoek is, maar die huwelik is nooit voltrek nie.

---

[2] Thagaste is die hedendaagse Souk-Ahras, op die grens van Algerië en Tunisië.
[3] In die *Confessiones* (4:2) skryf Augustinus dat die verbintenis uit wellus ontstaan het, maar dat hy getrou aan haar was.
[4] Sien paragraaf 3.2.2 vir die rol wat die wisseling van plek op Augustinus se bekeringsweg gehad het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Milaan het Augustinus kennis gemaak met Biskop Ambrosius deur wie se preke hy diep geraak is.[5] Hy het in 386 uit sy retoriek-pos bedank en gekies vir 'n lewe van wysheid; die wysheid wat hy in die Christelike geloof, die geloof van sy jeug, gevind het. Augustinus is op 24 April 387 deur Ambrosius gedoop en het daarna gereed gemaak om na Noord-Afrika terug te keer (Pine-Coffin 1961:19). Sy moeder, wat haar in 385 by hom in Milaan aangesluit het, het onderweg na Afrika in Ostia gesterf, gelukkig in die wete dat hy hom tot die Christendom bekeer het.

Terug in Thagaste het Augustinus 'n kloostergemeenskap gestig waar hy enkele jare gewerk het totdat hy in 391 teen sy sin as priester in Hippo aangestel is. In 396 het hy biskop van Hippo geword waar hy tot sy dood in 430 gewoon het.[6]

2.1.2 Weg van bekering

Uit die lewenskets hierbo, is dit duidelik dat Augustinus as kind aan moedersknie kennis gemaak het met die Christelike geloof. In die *Confessiones* vertel hy hoe sy lewe 'n heel ander koers ingeslaan het terwyl hy as tienderjarige in Karthago besig was met sy studies in retoriek. As deel van sy opleiding moes hy 'n protreptiese werk, Cicero se *Hortensius*, lees. Deur hierdie boek het hy filosofie ontdek[7] –

> … The title of the book is *Hortensius* and it recommends the reader to study philosophy. It altered my outlook on life … my heart began to throb with a bewildering passion for the wisdom of eternal truth … In Greek the word 'philosophy' means 'love of wisdom', and it was with this love that the *Hortensius* inflamed me … the only thing that pleased me in Cicero's book was his advice not simply to admire one or another of the schools of philosophy, but to love wisdom itself, whatever it might be, and to search for it, pursue it, hold it, and embrace it firmly (*Confessiones* 3.4).

---

[5] Sien paragraaf 3.1.2.3 vir die rol van Ambrosius op Augustinus se bekeringsweg.

[6] Volgens Sizoo (1957:327) is Augustinus op 28 Augustus 430 in die ouderdom van 75 jaar, 9 maande en 15 dae oorlede.

[7] Filosofie was nie net 'n intellektuele dissipline nie; dit het 'n religieuse konnotasie gehad en was 'n liefde vir Wysheid as sulks (Brown 1967:40). Sien ook paragrawe 1.1 en 1.2.3.2.1. In paragraaf 3.2.1 word die lees van die *Hortensius* as baken op Augustinus se bekeringsweg bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat Augustinus in 'n Christelike huishouding groot geword het en Christenskap in die vierde eeu as 'n vorm van ware wysheid voorgehou is, het hy hom op 'n heel natuurlike wyse tot die Bybel gewend om wysheid te bekom. Dit was vir hom egter 'n groot teleurstelling.[8] Hy is onmiddellik ontmoedig deur die eenvoudige styl en vertaling van die Latynse Bybel in Afrika, die aardse en immorele stories van die Ou Testament, en die lang en teenstrydige geslagsregisters van die Nuwe Testament wat as bekendstelling van Christus, die Wysheid self, moes dien. Die Heilige Skrif was egter die hoeksteen vir die tradisionele Christelike gemeenskappe in Afrika, en moes rigied en sonder voorbehoud aanvaar word (Brown 1967:42-43).

As reaksie teen dié beklemmende rigiditeit het 'n splintergroep, die Manicheërs, onder Christene in Afrika sukses behaal toe hulle hulle veral op die half-oortuigde Christen-studente en intellektuele van Karthago toegespits het. Die Manichese sendelinge was beskaafd en wel ter tale, byderwets, het aan openbare debatte deelgeneem en op 'n intelligente en volgehoue manier afbrekende opmerkings oor die Heilige Skrif gemaak (Brown 1967:42-43). Hulle invloedryke boodskap het intellektuele gesofistikeerdheid en verlossende hoop gebied wat Augustinus oortuig het dat die religie van sy jeug primitief, onverfynd en ondeurdag was (Scott 1995:74). Manicheïsme het aan hom die weg gebied om die konflik binne-in hom te akkommodeer: hy kon sy loopbaan voortsit wat sy ambisie bevredig het, en hy kon sy gesellin behou terwyl hy gereinig is deur sy diens aan die Manichese uitverkore groep en deur sy sonde aan sy laer natuur toe te skryf (Clark 1995:18).[9] Sy ontnugtering met Manicheïsme het begin toe hy met die fundamentaliste van die sekte in aanraking gekom het, maar hy het vir nege jaar (van 19 tot 28-jarige leeftyd) 'n aspirant van die Manicheërs gebly (Brown 1967:55).

---

[8] Sien *Confessiones* 3.5 waar Augustinus erken dat hy aanvanklik te verwaand was om die Bybel te waardeer vir wat dit was.

[9] Mani, stigter van die Manicheïsme, is in 216 in Babilonië gebore en het in 'n gnostiese nedersetting grootgeword. Hy het beweer dat hy twee hemelse besoeke gehad het en daardeur tot die oortuiging gekom het dat hy die bemiddelaar op aarde is. Hy is in 277 in Persië gekruisig. Astrologie en demoneleer was vir die Manicheërs baie belangrik en hulle was veral prominent in intellektuele kringe omdat hulle die rede aangespreek het. Hulle stelstel was rigied dualisties (lig en donker, goed en boos, harmonie en chaos). Manichese moraliteit word deur drie aktiwiteite bepaal: die mond en kop (wat geëet mag word en wat nie), hand en liggaam (wat gedoen mag word – so min moontlik om sodoende nie kwaad te doen nie) en reproduksie (seks word verbied omdat die huwelik deur die duiwel ingestel is). Manicheïsme het voorsiening gemaak vir drie groepe: die uitverkore groep (wat gedoop is en in armoede en asketies geleef het), die aspirante (die grootste groep wat weinig van Christene verskil het) en die bose groep (wat in sommige gevalle vergewe kon word, of wat nooit vergewe kon word nie). Manicheïsme het vinnig tydens en ná Mani se leeftyd deur die Romeinse Ryk en veral in Noord-Afrika versprei. Toe Augustinus met die sekte in aanraking gekom het, was dit reeds verban en is dit in die geheim beoefen. Met verskeie wysigings het die sekte tot in die Middeleeue voortbestaan. Brown (1967:46-60), Pine-Coffin (1961:11-18) en O'Meara (1954:61-79) bied uitgebreide inligting oor Manicheïsme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Later sou Augustinus in die *Confessiones* bely dat Manicheïsme vir hom 'n hindernis op sy weg van bekering tot die Christendom was[10] –

> They baited the traps by confusing the syllables of the names of God the Father, God the Son our Lord Jesus Christ, and God the Holy Ghost, the Paraclete, who comforts us. These names were always on the tips of their tongues, but only as sounds which they mouthed aloud, for in their hearts they had no inkling of the truth (*Confessiones* 3.6).

Augustinus se moeder was diep ongelukkig oor sy aansluiting by die Manicheërs en het hom daaroor vir 'n tyd lank die huis verbied. Sy het egter in 'n droom die versekering gekry dat hy hom op die ou end tot die Christendom sou bekeer, en hieraan het sy haar hele lewe lank vasgehou.

Tydens sy Manichese periode het Augustinus begin belangstel in die fisiese heelal en 'n belangstelling in astrologie getoon. Hy was oortuig dat die sterrekundige berekeninge van die astroloë as waar bewys kon word, en teenstrydig was met die Manichese leer van astrologie. Hy is egter deur 'n dokterskennis (Vindicianus) afgeraai om hom in astrologie te verdiep (Brown 1967:57-58)[11] –

> The same reasoning did not prevent me from consulting those impostors, the astrologers … he [Vindicianus] learned that I was an enthusiast for books of astrology, and in a kind and fatherly way he advised me to throw them away and waste no further pains upon such rubbish … I asked him why it was then that the future was often correctly foretold by means of astrology. He gave me the only possible answer, that it was all due to the power of chance, a force that must always be reckoned with in the natural order (*Confessiones* 4.3).

Met verloop van tyd het Augustinus 'n onbehaaglikheid teenoor Manicheïsme ontwikkel omdat hulle leer nie sy soeke na die waarheid bevredig het nie –

---

[10] Sien paragraaf 3.1.2.1 vir Nebridius en Faustus se rol daarin om Augustinus tot insig te laat kom oor die valsheid van Manicheïsme.

[11] Sien paragraaf 3.1.2.2 vir Vindicianus en Firminus se rol daarin om Augustinus op die valsheid van astrologie te wys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I had read a great many scientific books which were still alive in my memory. When I compared them with the tedious tales of the Manichees, it seemed to me that, of the two, the theories of the scientists were the more likely to be true (*Confessiones* 5.3).

Augustinus het gehoop om deur een van die Manicheërs se groot leiers, Faustus, antwoorde op sy vrae oor Manicheïsme te kry, maar sy belangstelling het finaal verflou toe hy Faustus ontmoet en ontdek dat hy nie enige van sy probleme bevredigend kon oplos nie[12] –

> I found him a man of agreeable personality, with a pleasant manner of speech … But my thirst was not to be satisfied … I mentioned some of my doubts, but soon discovered that except for a rudimentary knowledge of literature he had no claims to scholarship (*Confessiones* 5.6).
> He knew that he did not know the answers to my questions and was not ashamed to admit it … (*Confessiones* 5.7).

Augustinus het nog nie formeel met Manicheïsme gebreek toe hy in 383 na Rome is nie en is deur hulle gehelp om hom daar as onderwyser in retoriek te vestig. In Rome het hy met 'n groep filosowe, die Akademici, kennis gemaak en vir 'n kort tyd 'n vorm van radikale skeptisisme aangehang –

> I began to think that the philosophers known as Academics were wiser than the rest, because they held that everything was a matter of doubt and asserted that man can know nothing for certain … but I did not yet understand what they really meant (*Confessiones* 5.10).

Toe 'n pos in retoriek in Milaan vakant raak, het die Manicheërs Augustinus in sy aansoek as professor gesteun. Dié verskuiwing het aan Augustinus nuwe moontlikhede en uitstekende kanse op professionele sukses gebied. Maar dit was Ambrosius, Biskop van Milaan, wat met sy pragtige retoriese styl en die inhoud van sy preke 'n onuitwisbare indruk op Augustinus gemaak het. Hy het Augustinus aan radikaal nuwe idees bekend gestel, want die religie wat hy verkondig het, het die siel van die mens voorop gestel (Brown 1967:72, 84) –

---

[12] Sien paragraaf 3.1.2.1 vir Faustus se rol daarin om Augustinus finaal te laat besef dat die Manichese leer vals is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Faustus had lost his way among the fallacies of Manicheism, while Ambrose most surely taught the doctrine of salvation (*Confessiones* 5.13).

Augustinus het gaandeweg al meer oortuig geraak van die waarheid van die Katolieke Christelike geloof en besluit om 'n kategeet van die Katolieke Kerk te word totdat hy volle sekerheid kon vind –

> I shall fix my foot firmly on the step where my parents set me as a boy, until I find the manifest truth (*Confessiones* 6.11).

Hy kon egter steeds nie tot volle oorgawe kom nie, omdat hy nie tot 'n intellektueel aanvaarbaare denkbeeld of begrip van God kon kom nie. Op hierdie stadium het hy kennis gemaak met boeke van die Neo-Platoniste, een van die mees invloedryke denkskole van die Antieke Wêreld.[13] Dié werke het hom geleer hoe om oor God, die siel en die oorsaak van boosheid te dink, maar dit het sy begrip dat God deur eie toedoen bereik kon word, verkeerdelik versterk. Die bestudering van die boeke het hom wel gehelp om na binne te keer[14] –

> These books served to remind me to return to my own self. Under your guidance I entered into the depths of my soul ... And, far off, I heard your voice saying *I am the God who IS*. I heard your voice, as we hear voices that speak to our hearts, and at once I had no cause to doubt (*Confessiones* 7.10).

Augustinus het sy pogings om God deur Neo-Platonisme te "bereik" as 'n mislukking bestempel. Hy het tot die besef gekom dat die Neo-Platoniste God slegs van 'n afstand sien,

---

[13] Die boeke waarna hier verwys word, was heel waarskynlik boeke van Plotinus, en nie van Plato self nie (http://www.molloy.edu/academic/philosophy/sophia/augustine/conf7_notes.htm). Plotinus (204/5 – 270) was die grondlegger van die Neo-Platonisme. Hy het homself gesien as 'n Platonis en het, soos Plato, geglo in die voortreflikheid van die intellek bo gevoelsindrukke en van die geestelike wêreld bo die materiële. Die bekendste onderskeidende kenmerk van die Neo-Platonisme is dié van die beginsel van oppergesag van die Een aan die bopunt van die realiteitsleer. Die Een is objektief, nie voorspelbaar nie en buite die reikwydte van alle direkte kennis. Terselftertyd is die Een die oorsprong van realiteit en alles wat van betekenis is. Van hierdie Een, die oneindige en milddadige bron van lewe en waarde, kom alles. Vir Plato en sy onmiddellike voorgangers was absolute realiteit beperk en staties. Vir Plotinus is die Een, en selfs meer nog die verstand, bruisend lewendig (Boardman et al. 2001b:297).

[14] Die Neo-Platonistiese leer het die gaping oorbrug tussen materiële Manicheïsme en geestelike Christenskap (O'Meara 1954:158).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar as gevolg van hoogmoed verhinder word om in God tot rus te kom. Christene, daarenteen, het die instelling wat hulle in staat stel om nie alleen van 'n afstand vir God te sien nie, maar ook in Hom volkome rus te vind –

> I began to read and discovered that whatever truth I had found in the Platonists was set down here as well, and with it there was praise for your grace bestowed … It is one thing to descry the land of peace from a wooded hilltop … It is another thing to follow the high road to that land of peace, the way that is defended by the care of the heavenly Commander … It was wonderful how these truths came home to me … (*Confessiones* 7.21).

Ná sy kennismaking met die Neo-Platonisme is Augustinus deur Ambrosius geïnspireer om die Heilige Skrif wéér as bron van wysheid op te neem, en het hy veral die sendbriewe van Paulus besonder waardevol gevind (Brown 1967:104-105) –

> So I seized eagerly upon the venerable writings inspired by your Holy Spirit, especially those of the apostle Paul. At one time it had seemed to me that he sometimes contradicted himself and that the purport of his words did not agree with the evidence of the law and the prophets, but these difficulties now disappeared once and for all (*Confessiones* 7.21).

Dit was egter nog 'n geruime tyd voordat Augustinus finaal tot oorgawe sou kom, omdat hy steeds moeite gehad het om die intellektuele kennis oor die waarheid te versoen met die daaglikse gang van sy lewe. Hy moes nog die wilsbesluit neem om met sy ou lewe van hoogmoed te breek. Hy is deur die aanhoor van verhale oor bekerings al meer in die regte rigting gelei[15] –

> … my heart warmed to those two men as I heard how they had made the choice that was to save them by giving themselves up entirely to your care … (*Confessiones* 8.7).

Hy het egter 'n bitter stryd met homself gevoer –

---

[15] Sien paragraaf 3.1.3.1 vir Simplicianus se verhaal oor Victorinus en paragraaf 3.1.3.2 vir die verhale van Ponticianus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ... the closer I came to the moment which was to mark the great change in me, the more I shrank from it in horror (*Confessiones* 8.7).

Uiteindelik het hy hom met sy vriend, Alypius,[16] in 'n tuin in Milaan bevind toe hy 'n stem hoor –

> 'Take it and read, take it and read' (*Confessiones* 8.12).

Dit het gelei tot die lees van die woorde in Romeine 13:13 en Augustinus se uiteindelike en volkome bekering tot die Christelike geloof in Augustus 386 op 32-jarige leeftyd –

> *Not in revelling and drunkenness, not in lust and wantonness, not in quarrels and rivalries. Rather, arm yourselves with the Lord Jesus Christ; spend no more thought on nature and nature's appetites.* I had no wish to read more and no need to do so. For in an instant, as I came to the end of the sentence, it was as though the light of confidence flooded into my heart and all the darkness of doubt was dispelled (*Confessiones* 8.12).

Augustinus het sy onderrigverpligtinge in Milaan afgehandel voordat hy hom met 'n groep vriende, sy moeder en sy seun na Cassiciacum in Noord-Italië teruggetrek het. Daar het hy hom voorberei op sy doop in April 387 deur Ambrosius, saam met sy vyftienjarige seun, Adeodatus, en sy vriend Alypius.

2.2 C.S. Lewis (1898 – 1963)

C.S. Lewis het in die twintigste eeu bekendheid verwerf as vermaarde Oxford "don" (dosent) en literêre kritikus, as hoog aangeskrewe skrywer van wetenskapfiksie en kinderliteratuur, en as gewilde skrywer en radioredenaar van Christelike apologetiek.[17] Hy het *Surprised by Joy* sewe jaar voor sy dood geskryf toe hy versoek is om te vertel hoe hy van ateïsme tot

---

[16] Volgens Ferrari (2000) was Alypius een van Augustinus se naaste vriende wat sy lewe en ideale met hom gedeel het, saam met hom tot bekering gekom het, saam met hom gedoop is en saam met hom na Afrika teruggekeer het om die eerste klooster in Noord-Afrika te stig (http://www.osa-west.org/saintsalypiusandpossidius.html).

[17] Edwards (http://personal.bgsu.edu/~edwards/surprised.html).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Christenskap bekeer is (*Surprised by Joy*, bl. 7). Soos die boek se subtitel "the shape of my early life" aandui, gaan die verhaal oor sy jeugjare toe hy op soek was na sielsvreugde ("joy") en voordat hy op 31-jarige ouderdom tot bekering gekom het.

2.2.1 Kort lewenskets

Clive Staples Lewis[18] is op 29 November 1898 in Belfast (Ierland) gebore; die tweede seun van Albert James Lewis en Flora Augusta Hamilton, 'n predikantsdogter. Albert was 'n prokureur van beroep en Flora 'n briljante wiskundige (Green & Hooper 1974:15-18). Volgens Lewis was sy ouers radikaal verskillend: teenoor sy moeder se gelykmatige geaardheid was sy vader emosioneel minder stabiel. Sy kinderjare was nie besonder gelukkig nie. Die verhouding met sy vader was altyd ongemaklik, dikwels selfs moeilik, en sy moeder het aan kanker gesterf voordat hy tien jaar oud was. Lewis het sedert sy kinderjare tot en met sy dood 'n baie hegte en innige vriendskapsverhouding gehad met sy broer Warren, wat drie jaar ouer as hy was (Peters 1985:16-21).

Ná sy moeder se dood op 23 Augustus 1908, is Lewis in verskillende openbare kosskole geplaas waar hy oor die algemeen sielsongelukkig was.[19] In 1914 het hy op aanbeveling van sy vader en broer 'n privaatleerder van die briljante geleerde en ateïs, William T. Kirkpatrick, geword waar hy hom die volgende twee en 'n half jaar as begaafde student onderskei het (Green & Hooper 1974:36). Kirkpatrick het aan Lewis onder andere 'n deeglike skoling in die antieke letterkunde gebied (*Surprised by Joy*, bl. 117). Hoewel 'n man van die twintigste eeu, was Lewis dus, soos Augustinus, goed bekend met die werke van die meesters van die antieke tyd.

In 1917 is Lewis met 'n studiebeurs na die University College van Oxford, maar hy het sy studies onderbreek om as vrywilliger in die Eerste Wêreldoorlog te gaan veg. In April 1918 is hy in Frankryk gewond toe 'n bom van die Engelse per ongeluk naby hom ontplof het. Hy het na Engeland teruggekeer en kon in 1919 sy studies in die Klassieke, Filosofie en die Engelse Taal- en Letterkunde by Oxford hervat. Lewis se vader het hom finansieel ondersteun totdat

---

[18] Lewis het homself skielik van sy vierde jaar af "Jacksie"begin noem en op geen ander naam meer gereageer nie. "Jacksie" het mettertyd "Jack" geword (Green & Hooper 1974:21).

[19] Die skoolname tussen hakies wat hieronder volg, is die skuilname wat Lewis in *Surprised by Joy* vir sommige skole gebruik. Hy was agtereenvolgens by Wynyard in die graafskap Hertford, Engeland (van September 1908 vir 18 maande); Campbell College naby Belfast (Augustus/September tot November 1910); Cherbourg House (= "Chartres", Wyfern – *Surprised by Joy*, bl. 50) naby Malvern (Januarie 1911 tot Junie 1913); en Malvern College (= Wyfern College – *Surprised by Joy*, bl. 70) (Augustus/September 1913 tot Junie 1914) (Wilson 1990:22-36).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy op 20 Mei 1925 op 26-jarige ouderdom as dosent in die Engelse Taal- en Letterkunde by Magdalen College aangestel is. Hy was vir byna dertig jaar aan Oxford verbonde totdat hy in 1954 as professor na Magdalene College in Cambridge is (Peters 1985:19-21).

Lewis het sedert ongeveer 1918 'n verbintenis gehad met "Mrs Moore", die moeder van sy jeugvriend, Paddy, wat in die oorlog gesneuwel het. Lewis se vader het nie die verbintenis met mevrou Moore goedgekeur nie, maar Lewis het haar tot met haar dood in 1951 versorg, soos hy aan Paddy belowe het (Green & Hooper 1974:57, 66). In September 1952 het hy bevriend geraak met 'n Amerikaanse vrou, Helen Joy Davidman, met wie hy op 23 April 1956 in die geheim voor die magistraat getrou het sodat sy Britse nasionaliteit kon verkry. Op 21 Maart 1957 is hy in 'n hospitaal vir die tweede keer (dié keer voor God) met haar getroud sodat hy haar in sy huis kon inneem om haar daar te versorg; sy was toe reeds ernstig siek aan beenkanker. Joy het vir 'n kort tyd merkwaardig herstel en hulle het tot met haar dood op 13 Julie 1960 'n intens gelukkige huwelik gehad (Green & Hooper 1974:259-276). Ná Joy se dood het Lewis se gesondheid agteruit gegaan en hy is op 22 November 1963 oorlede in die huis, "The Kilns", waar hy toe saam met sy broer gewoon het.

2.2.2 Weg van bekering

Lewis het ander fases van worsteling op sy weg tot bekering ervaar as Augustinus. Die intellek en die soeke na waarheid was egter vir beide die dryfkrag. Augustinus het aan Lewis se argument van begeerte reeds klassieke uitdrukking gegee; daar is 'n rusteloosheid in die mens, 'n permanente onbehaaglikheid met die dinge van hierdie wêreld wat daarop dui dat die mens bestem is vir iets meer bevredigend en veredelend as die verarmde tydelike plan wat deur die aardse verbeelding voorgehou word (Beversluis 1985:8-9).

Soos Augustinus, het Lewis in 'n familiekring grootgeword waar die Christelike geloof bekend was. Lewis het as jong kind aanvaar wat hy oor godsdiens geleer is, maar godsdiens as sulks het hom nie werklik aangespreek nie –

> I was taught the usual things and made to say my prayers and in due time taken to church. I naturally accepted what I was told but I cannot remember feeling much interest in it (*Surprised by Joy*, bl. 12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was sy goewernante, Annie Harper, wat tussen haar opvoedingstake deur by Lewis die realiteit van "the other world" tuisgebring het (*Surprised by Joy*, bl. 15). Die dood van sy moeder was vir Lewis nie van besondere religieuse belang nie. Sy teleurstelling dat sy kindergebede nie gehelp het om haar gesond te maak nie en dat 'n wonderwerk ook nie gebeur het nie, het hom nie besonder ontstel nie. Hy was skynbaar gewoond daaraan dat sake nie altyd volgens plan verloop nie –

> My mother's death was the occasion of what some (but not I) might regard as my first religious experience … The interesting thing is that my disappointment produced no results beyond itself. The thing hadn't worked, but I was used to things not working, and I thought no more about it (*Surprised by Joy*, bl. 22).

Ná sy moeder se dood is Lewis na 'n kosskool, Wynyard House in Engeland (1908–1910), waar hy twee keer op 'n Sondag moes kerk toe gaan. Daar het hy vir die eerste keer die Christelike geloof vir homself toegeëien omdat die leraars opsigtelik geglo het wat hulle aan die gemeente voorgehou het. Lewis se geloof is op dié stadium deur vrees gekenmerk –

> What really mattered was that I heard the doctrines of Christianity taught by men who obiously believed them … In this experience there was a great deal of fear … I feared for my soul … The effect … was entirely good. I began seriously to pray and to read my Bible and to attempt to obey my conscience (*Surprised by Joy*, bl. 32-33).

Op dertienjarige ouderdom het Lewis opgehou om 'n Christen te wees toe hy by Cherbourg (= Chartres) deur die matrone, wat 'n belangstelling in okkultisme gehad het, se onbewustelike toedoen beïnvloed is om sy Christenskap prys te gee –

> … I ceased to be a Christian … Nothing was further from her intention than to destroy my faith … little by little, unconsciously, unintentionally, she loosened the whole framework, blunted all the sharp edges, of my belief … I passed into the cool evening twilight of Higher Thought, where there was nothing to be obeyed, and nothing to be believed (*Surprised by Joy*, bl. 52-53).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel Lewis reeds van die Christelike geloof afvallig geword het, het hy – om konfrontasie met sy vader te vermy – die lafhartige uitweg van skynheiligheid gekies en is hy op 6 Desember 1914 in die kerk voorgestel (Green & Harper 1974:48). Lewis het die aflegging van sy belydenis van die Christelike geloof tydens sy ateïstiese periode beskryf as "one of the worst acts of my life" (*Surprised by Joy*, bl. 130).

Die ateïs en rasionalis, Kirkpatrick, by wie Lewis van 1914 tot 1917 aan huis onderrig ontvang het, het hom nie op godsdienstige gebied probeer beïnvloed nie; Lewis het toe reeds 'n gevestigde ateïstiese geloofsmening gehad –

> … What I got there was merely fresh ammunition for the defence of a position already chosen … He never attacked religion in my presence (*Surprised by Joy*, bl. 114).

By Kirkpatrick het Lewis onder andere kennis gemaak met die werk van W.B. Yeats (1865–1939) en die Belgiese skrywer, M. Maeterlinck (1862–1949), wat tot tweespalt in sy gemoed gelei het. Yeats het ernstig in toorkuns geglo en Maeterlinck se werk het spiritualisme, teosofie[20] en panteïsme[21] onder sy aandag gebring. Lewis se materialistiese siening het hierna begin wankel –

> … a drop of disturbing doubt fell into my Materialism. It was merely a "Perhaps." Perhaps (oh joy!) there was, after all, "something else"; and (oh reassurance!) perhaps it had nothing to do with Christian Theology (*Surprised by Joy*, bl. 141).

Terwyl Lewis by Kirkpatrick was, het hy ook die *Phantastes, a faerie Romance* van George MacDonald (1824–1905) ontdek. Dié boek het sy lewe verander soos Augustinus ten diepste deur die *Hortensius* beïnvloed is[22] –

---

[20] Teosofie is 'n mistieke denkrigting wat streef na insig in die wese/aard van God (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 352).

[21] Die basiese uitgangspunt van panteïsme is dat goddelikheid alles-insluitend is en dat die mens en die natuur nie onafhanklik van God is nie, maar elemente van sy wese (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 261).

[22] Sien paragraaf 3.2.1 vir die invloed van die *Hortensius* op Augustinus se bekeringsweg en paragrawe 4.1.3.3 en 4.2.1 vir die invloed van die *Phantastes* op Lewis se bekeringsweg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> It is as if I were carried sleeping across the frontier, or as if I had died in the old country and could never remember how I came alive in the new ... all was changed ... It was Holiness ... That night my imagination was, in a certain sense, baptized; the rest of me, not unnaturally, took longer (*Surprised by Joy*, bl. 144-146).

Terwyl Lewis siek was aan loopgraafkoors tydens die Eerste Wêreldoorlog, het hy boeke van G.K. Chesterton (1874–1936) begin lees. Soos Augustinus, het Lewis by terugskouing tot die besef gekom dat mense deur middel van hulle boeke hom grootliks op sy bekeringsweg beïnvloed het, en dat God daarmee 'n plan moes gehad het –

> In reading Chesterton, as in reading MacDonald, I did not know what I was letting myself in for. A young man who wishes to remain a sound Atheist cannot be too careful of his reading. There are traps everywhere ... God is, if I may say it, very unscrupulous (*Surprised by Joy*, bl. 154).
> Then I read Chesterton's *Everlasting Man* and for the first time saw the whole Christian outline of history set out in a form that seemed to me to make sense (*Surprised by Joy*, bl. 178).

Lewis het deur die toedoen van sy vriend Owen Barfield, met wie hy dieselfde belangstellings gedeel maar oor byna alles meningsverskille gehad het, afgesien van sy aanmatigende houding. Hy het deur Barfield ook tot die besef gekom dat realiste teenstrydige sienswyses huldig en die heersende filosofie in Oxford, Idealisme,[23] begin aanhang wat hom al nader aan die Christelike ideaal gebring het –

> His [Barfield's] counterattacks destroyed for ever two elements in my own thought. In the first place he made short work of what I have called my "chronological snobbery" ... In the second place he convinced me that the positions we had hitherto held left no room for any satisfactory theory of knowledge ... I was therefore compelled to give up realism ... and from

[23] Idealisme verwys oorkoepelend na 'n groep filosofiese teorieë wat berus op die aanname dat die "eksterne wêreld" op een of ander manier deur die gedagtewêreld van die mens geskep word (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 160).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Idealism I had come one step nearer to understanding the words, "We give thanks to thee for thy great glory" (*Surprised by Joy*, bl. 167-169).

Kort ná sy aanstelling by Magdalen College in Oxford, het Lewis al meer daarvan bewus geword dat God aan die inbeweeg was in sy lewe. Soos Augustinus, het hy voor 'n wilsbesluit te staan gekom: hy het hom in die "Trinity Term" (April - Junie) van 1929 tot teïsme[24] bekeer (Green & Hooper 1974:103) –

> I felt myself being, there and then, given a free choice. I could open the door or keep it shut ... The choice appeared to be momentous but it was also strangely unemotional ... I chose to open, to unbuckle, to loosen the rein ... it did not really seem possible to do the opposite (*Surprised by Joy*, bl. 179).
> You must picture me alone in that room at Magdalen ... feeling ... the steady, unrelenting approach of Him whom I so earnestly desired not to meet ... I gave in, and admitted that God was God (*Surprised by Joy*, bl. 182).
> It must be understood that the conversion ... was only to Theism, pure and simple, not to Christianity (*Surprised by Joy*, bl. 184).

Die praktiese gevolg van sy bekering tot teïsme, was dat Lewis Sondae begin kerk toe gaan het, weeksdae die dienste in die kapel van Magdalen College bygewoon het en weer begin Bybel lees het. Uit die briewe aan sy groot vriend, Arthur Greeves, blyk dit dat Lewis in hierdie tyd intens gelukkig was en veel vreugde uit wandelinge, gesprekke en die lees van boeke geput het. Daarby het hy opregte nederigheid begin openbaar (Green & Hooper 1974:104).

Die finale stap tot Lewis se Christelike bekering, die oorgang van teïsme tot Christenskap, was hoofsaaklik intellektueel van aard. 'n Gesprek met J.R.R. Tolkien en H.V.V. Dyson op 19 September 1931 het daartoe gelei dat Lewis sy opvattings oor mites, paganisme en die Christendom met mekaar in verband gebring het. In teenstelling met die dramatiese bekering van Augustinus, het Lewis op 28 September 1931, toe hy en sy broer op pad was om in die dieretuin te gaan piekniek hou, stilweg tot geloof in Christus gekom (Green & Hooper 1974:116) –

---

[24] Teïsme berus op geloof in God, die enkele almagtige en alwetende skepper van alles (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 351).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I know very well when, but hardly how, the final step was taken. I was driven to Whipsnade one sunny morning. When we set out I did not believe that Jesus Christ is the Son of God, and when we reached the zoo I did (*Surprised by Joy*, bl. 189).[25]

Lewis het die laaste 25 jaar van sy lewe groot bekendheid verwerf as skrywer oor religieuse en filosofiese onderwerpe in 'n verskeidenheid literêre vorms: verklarende studies, essays, preke, allegoriese verhale, wetenskapfiksie, fantasieë, gedigte en 'n stel boeke vir kinders. Benewens die hoog aangeskrewe boeke en artikels wat hy in sy vakgebied geskryf het, het hierdie skryfwerk in sy vrye tyd die lig gesien. As apologeet het Lewis sy Christenskap verdedig omdat hy oortuig was dat die Christelike geloof die ware geloof is (Beversluis 1985:ix-x).

2.3 Twee opvallende eienskappe van die bekeringsverhale

Twee opvallende eienskappe van Augustinus en Lewis wat duidelik in die *Confessiones* en *Surprised by Joy* na vore kom, is beide se dwingende begeerte om die waarheid te vind, en hulle besondere waardering vir vriendskap.

2.3.1 Soeke na waarheid

Die soeke na waarheid staan sentraal in Augustinus se bekeringsverhaal. Hy vertel daarin dat hy reeds as jong kind vreugde in die waarheid gevind het –

> ... and even in the small things which occupied my thoughts I found pleasure in the truth (*Confessiones* 1.20).

Met die lees van die *Hortensius* het die passie as 't ware in hom ontbrand om die ewige waarheid te vind –

---

[25] Lewis het in die allegorie, *The Pilgrim's Regress*, die eerste keer sy vordering van algemene realisme na Christenskap beskryf, en die besondere rol wat sielsvreugde ("joy") daarin gehad het. Die "reis" word deur 'n pelgrim, John, onderneem en Lewis self word daarmee uit die kalklig gehou (Green & Hooper 1974:128-129). Omdat Lewis in *Surprised by Joy* (soos Augustinus in sy *Confessiones*) openlik sy bekeringsverhaal op 'n meer toeganklike manier vertel, word laasgenoemde boeke in die tesis vergelyk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ... my heart began to throb with a bewildering passion for the wisdom of eternal truth (*Confessiones* 3.4).

Augustinus was reeds oortuig dat hy die bewese waarheid gevind het voordat hy met die las van wellus kon breek –

> 'Now you know that the truth is proved, but the load is still on your shoulders ...' (*Confessiones* 8.7).

Die soeke na waarheid het noodwendig ingehou dat Augustinus duidelikheid op enige onsekerhede wou hê. In Hoofstuk 3 word die rol van persone wat op intellektuele vlak vir hom gehelp het om by die waarheid uit te kom, uitvoerig bespreek. Gesprekke met sy vriend Nebridius en die Manicheër Faustus het daartoe gelei dat hy die valsheid van die Manicheïsme ingesien het en dié leer afgelê het; die dokter en prokonsul Vindicianus en sy vriend Firminus het hom gehelp om die valsheid van astrologie in te sien; Biskop Ambrosius het hom tot insig oor die aard van God gelei; en deur die geskrifte van die Neo-Platoniste is hy in sy denke oor die Godsbegrip gerig, en gehelp om tot helderheid oor die begrip van boosheid te kom.

Lewis het met moeite op sy intellektuele bekeringsweg gevorder: van gewilde realisme[26] tot filosofiese idealisme, van idealisme tot panteïsme, van panteïsme tot teïsme en van teïsme tot die Christelike leer (Van der Watt 1983:7). Dit was eers toe hy deur sy rede tot die insig gekom het dat die Christelike mite waar is, dat hy tot volle oorgawe in Christus kon kom –

> In the midst of a thousand such religions stood our own, the thousand and first, labelled True (*Surprised by Joy*, bl. 55).

In Hoofstuk 4 word die rol bespreek van persone wat op intellektuele vlak as bakens op Lewis se bekeringsweg uitgestaan het. Sy skoolmeesters Oldie en Kirkpatrick het hom beïnvloed om op 'n logiese en beredeneerde wyse na waarheid te soek; sy vriend Barfield het hom laat afsien van realisme; en Chesterton en ander Christen-skrywers het hom deur hulle boeke tot die insig gelei dat die Christelike mite histories gegrond is.

---

[26] Realisme berus op die aanname dat fisiese voorwerpe onafhanklik bestaan ongeag of hulle waarneembaar is of nie (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 299).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.2 Waardering vir vriendskap

Augustinus en Lewis het albei besondere waarde aan vriendskap geheg. Vriende het nie alleen as bakens op hulle onderskeie bekeringsweë uitgestaan nie; dit word redelik gou in die *Confessiones* en *Surprised by Joy* duidelik dat vriendskap vir elkeen 'n bron van vreugde was –

> Friendship among men, too, is a delightful bond, uniting many souls in one ... For these earthly things, too, can give joy ... (*Confessiones* 2.5).
>
> … friendship has been by far the chief source of my happiness … and I cannot quite understand why a man should wish to know more people than he can make real friends of (*Surprised by Joy*, bl. 32).

Die rol van vriendskap in Augustinus se bekeringsverhaal word in Hoofstuk 3 verder bespreek. Hy het in sy jeug saam met vriende pere gesteel; hy kon slegs deur Thagaste te verlaat, ontsnap aan die hartseer oor 'n jeugvriend se dood; sy vriend Alypius was deurentyd aan sy sy en het selfs saam met hom tot bekering gekom; deur die toedoen van vriende het hy Karthago vir Rome verlaat; Manichese vriende het hom by Symmachus vir die pos in Milaan aanbeveel en vriende soos Nebridius en Firminus het hom gehelp om intellektuele hindernisse op sy bekeringsweg te oorkom.

In Hoofstuk 4 word die rol van vriende in Lewis se bekeringsverhaal bespreek. Greeves was oor vyftig jaar sy mees intieme vriend en het as 't ware die rol van biegvader vervul; Barfield het as intellektuele gespreksvriend vir hom gehelp om van ateïsme tot oorgawe in Christus te vorder; die voorbeeld van sy Oxford-vriende A.K. Hamilton Jenkin, A.C. Harwood en Nevill Coghill het hom gehelp om sy hoogmoedige houding te laat vaar; en die gesprek met sy vriende Tolkien en Dyson was bepalend vir sy erkenning dat die Christus-verhaal werklik gebeur het.

2.4 Samevatting

Augustinus en Lewis was beide in hulle vroeë dertigerjare toe hulle elkeen ná 'n unieke pad van intellektuele worsteling tot oortuiging van die waarheid van die Christelike boodskap gekom het. Elkeen se lewensverhaal en weg van bekering gryp huidige lesers van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Confessiones en *Surprised by Joy* steeds aan. Hierdie hoofstuk dien daarom as agtergrond waarteen bakens op Augustinus se weg van bekering in Hoofstuk 3, en bakens op Lewis se weg van bekering in Hoofstuk 4 bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

BAKENS OP AUGUSTINUS SE WEG VAN BEKERING

And all that you asked of me was to deny my own will
and accept yours (*Confessiones* 9.1)

3. Inleiding

Augustinus het 'n baie persoonlike dokument, sy *Confessiones*, in die jare 397 – 398 geskryf kort nadat hy op ongeveer 43-jarige leeftyd as biskop in Hippo aangekom het. In die eerste nege (van die dertien) boeke gee hy die biografiese besonderhede van ongeveer 33 jaar weer wat tot sy bekering in Augustus 386 gelei het. Sommige verklaarders sien hierdie nege boeke as Augustinus se soeke na waarheid. Dit is eweneens 'n verklaring waarin hy gelei word van 'n belydenis van sonde, tot 'n belydenis van geloof en eindelik tot 'n belydenis van God se heerlikheid (Pine-Coffin 1961:15-16). Augustinus sê onomwonde dat hy deur die skryf van die *Confessiones* hoop om ander te bereik[1] –

> … I tell it to my own kind, to those other men, however few, who may perhaps pick up this book (*Confessiones* 2.3).
> And now, O Lord, I make you my confession in this book. Let any man read it who will. Let him understand it as he will (*Confessiones* 9.12).

Wanneer Augustinus terugkyk op die weg van sy bekering, sien hy dat God hom deur sy genade op verskillende maniere duidelik gelei het. Augustinus verleen in die *Confessiones* erkenning aan (i) verskeie persone wat 'n belangrike rol in sy bekering gespeel het (ook indirek deur boeke en ander geskrifte); (ii) gebeure op sy lewenspad wat by terugskouing geblyk het van groot betekenis te wees; en (iii) innerlike konflik wat hom op sy bekeringsweg voortgedryf het. In hierdie hoofstuk word dié drie punte as bakens op Augustinus se weg van bekering bespreek en uit die *Confessiones* toegelig.

---

[1] Sien paragraaf 1.2.3.2.1 oor die *λόγος προτρεπτικός* (logos protreptikos; protreptiese genre).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1 Persone as bakens op Augustinus se bekeringsweg

Augustinus was oortuig daarvan dat God mense (ook indirek deur boeke) gebruik het om aan hom rigting te gee in sy soeke na waarheid –

> … it was you who used them … (*Confessiones* 1.6)
> This answer which he gave me … must surely have come from you, my God (*Confessiones* 4.3).
> I believe that it was by your will that I came across those books before I studied the Scriptures … (*Confessiones* 7.20).

Verskeie persone het 'n beslissende rol op sy bekeringsweg gespeel deur hom te help om hindernisse op intellektuele en morele vlak te oorkom. Persone wat op intellektuele vlak as bakens uitgestaan het, was Nebridius en Faustus, Vindicianus en Firminus, Ambrosius en die Neo-Platoniste deur hulle geskrifte. Nadat Augustinus die intellektuele hindernisse op sy bekeringsweg oorkom het, het Simplicianus, Victorinus en Ponticianus op betekenisvolle wyse daartoe bygedra dat hy morele hindernisse uit die weg kon ruim en finaal tot oorgawe aan God gekom het. Die persoon wat waarskynlik die grootste invloed op Augustinus gehad het, was sy moeder Monica, wat onvermoeid bly glo het dat hy hom tot die Christelike geloof sou bekeer voordat sy sterf.

3.1.1 Monica

Uit die *Confessiones* blyk dat Augustinus oortuig was dat God sy moeder as baken op sy bekeringspad gebruik het[2] –

> Surely the word which rang in my ears, spoken by your faithful servant, my mother, could have come from none but you? … It all seemed womanish advice … Yet the words were yours, though I did not know it … all the while you were speaking to me through her … But I continued headlong on my way (*Confessiones* 2.3).

[2] Sien Augustinus se kort lewenskets in paragraaf 2.1.1 vir meer oor Monica en paragraaf 2.1.2 vir die rol wat Monica as baken op sy bekeringsweg gespeel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

O'Meara (1954:36) beskryf Monica as 'n vrou van eenvoud, liefderyk, minsaam, opreg en goed. Sy was tegelyk sterk, prakties, ambisieus en vasbeslote. Sy was inderdaad 'n formidabele vrou wie se doelbewuste beywering vir Augustinus se bekering ongeveer twintig jaar geduur het –

> … O Lord, my mother placed great hope in you (*Confessiones* 1.11).

Die rol wat sy in Augustinus se lewe gespeel het, kom deurentyd in die *Confessiones* na vore. Vanaf sy geboorte het hy gereeld die teken van die kruis van haar ontvang, en as jong seun het sy hom vertel van die belofte van die ewige lewe deur dié God wat homself verneder het en onder sondaars kom woon het. Sy het selfs geglo dat 'n klassieke (pagane) opvoeding van haar seun 'n beter Christen kon maak.[3] As aspirant van die Manicheërs het Augustinus erken dat sy moeder vir hom 'n baken was wat onvermoeid by God vir sy leiding en bewaring gepleit het –

> But *you* … rescued my soul from the depths of this darkness because my mother, your faithful servant, wept to you for me … You heard her and did not despise the tears which streamed down and watered the earth in every place where she bowed her head in prayer (*Confessiones* 3.11).
> Night and day my mother poured out her tears to you … and in the most wonderful way you guided me. It was you who guided me, my God (*Confessiones* 5.7).

Monica wou voortdurend aan Augustinus se sy wees, maar hy het nie altyd haar kwellinge oor hom waardeer nie. In 383 het hy haar bedrieg en in die geheim van Karthago na Rome vertrek om aan haar teenwoordigheid te ontkom, wat hy as benouend ervaar het. Dié gebeure wat haar soveel smart besorg het, sien Augustinus as deel van God se plan –

> … The next morning she was wild with grief … because she thought you had not listened to her prayer … she did not know what joys you had in store for her because of my departure (*Confessiones* 5.8).

---

[3] "… my mother … thought that the usual course of study would certainly not hinder me, but would even help me, in my approach to you" (*Confessiones* 2.3) .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Monica het haar weer in 385 by Augustinus in Milaan aangesluit waar sy verneem het dat hy nie meer die valsheid van die Manicheïsme aangehang het nie. Sy het haar hoop toe volkome op die Milanese Biskop Ambrosius gevestig, en geglo dat hy 'n betekenisvolle invloed op Augustinus se bekeringsweg sou hê[4] –

> ... she was sure that if you had promised her all, you would also give her what remained to be given ... she believed that before she left this life she would see me a faithful Catholic (*Confessiones* 6.1).

Ná Augustinus se bekering was Monica die eerste om, naas sy vriend Alypius wat by hom was, daarvan te verneem. Sy was heeltemal oorstelp dat haar gebede verhoor is. By haar dood eer Augustinus haar in die *Confessiones* as baken op sy bekeringsweg –

> For this was the mother, now dead and hidden awhile from my sight, who had wept over me for many years so that I might live in your sight (*Confessiones* 9.12).
> ... inspire those of them who read this book to remember Monica, your servant ... (*Confessiones* 9.13).

Monica het as toegewyde moeder en gelowige nooit die hoop verloor dat Augustinus hom tot die Christelike geloof sou bekeer nie.

3.1.2 Menslike bakens op intellektuele vlak

Persone wat as bakens uitgestaan het om intellektuele hindernisse op Augustinus se bekeringsweg uit die weg te ruim, was (i) Nebridius (vriend) en Faustus (Manicheër) wat hom gehelp het om sy verbondenheid aan die valsheid van Manicheïsme af te lê; (ii) Vindicianus (dokter en prokonsul) en Firminus (vriend) wat hom gehelp het om die valsheid van astrologie in te sien; (iii) Ambrosius wat hom tot insig oor die aard van God gelei het; en (iv) die Neo-Platoniste, wie se boeke hom gehelp het in sy nadenke oor die Godsbegrip, en om tot helderheid oor die begrip van boosheid te kom.[5]

---

[4] Sien paragraaf 3.1.2.3 vir Ambrosius se rol in Augustinus se bekeringsweg.
[5] Sien paragraaf 2.1.2, voetnoot 13 oor Neo-Platonisme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.2.1 Nebridius en Faustus

Nebridius was 'n welgestelde pagaan van Karthago deur wie Augustinus insig verkry het in sommige teorieë van die Manicheërs en wat hom aan hulle leer laat twyfel het. Sy ontmoeting met Faustus, biskop en segsman van die Manicheërs, het hom finaal oortuig dat die Manichese leer vals was.

Augustinus beskryf Nebridius as 'n baie goeie vriend en 'n beginselvaste jong man van onkreukbare karakter wat die spot met waarsêery gedryf het (*Confessiones* 4.3). Hy het sy tuisdorp naby Karthago, sy huis en ryk familie agtergelaat en Augustinus na Milaan gevolg om naby sy vriend te wees. Sy hoofdoel was om saam met Augustinus na waarheid en wysheid te soek (*Confessiones* 6.10). Hulle twee en Alypius het dikwels gesprekke gevoer oor die aard van die goeie en die bose wat deel gevorm het van die dualistiese siening van die Manicheïsme (*Confessiones* 6.16)[6]. Nebridius is oorlede kort ná Augustinus en Alypius tot bekering in Christus gekom het, maar nie voordat hy en sy hele huishouding in Afrika Christene geword het nie (*Confessiones* 9.3). Augustinus was reeds in Karthago diep beïndruk met Nebridius se argument oor die valsheid van die Manichese teorie oor God (*Confessiones* 7.2). Hoewel Nebridius Augustinus se twyfel oor die Manichese leer versterk het, het Augustinus steeds bly soek na 'n antwoord op die oorsprong van boosheid (*Confessiones* 7.3) –

> … once I had seen that the incorruptible is superior to the corruptible, I had to search for you in the light of this truth and make it the starting point of my inquiry into the origin of evil, that is, the origin of corruption, by which your substance cannot possibly be violated (*Confessiones* 7.4).

Augustinus moes nege jaar wag voordat hy uiteindelik kennis gemaak het met Faustus, 'n Manichese retorikus van formaat. Hy is egter nie deur Faustus se welsprekendheid beïnvloed nie –

> But in your wonderful, secret way, my God, you had already taught me that a statement is not necessarily true because it is wrapped in fine language or false because it is awkwardly expressed (*Confessiones* 5.6).

---

[6] Sien paragraaf 2.1.2, voetnoot 9 oor Manicheïsme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Augustinus het baie vrae oor die Manicheïsme gehad wat nie deur gewone lede van die sekte beantwoord kon word nie. Daarom het hy al sy hoop op verheldering gevestig op Faustus, 'n bekende segsman van die Manicheërs. Dit het vir Augustinus gou duidelik geword dat Faustus nie antwoorde op sy vrae gehad het nie. Faustus het wel groot respek by hom afgedwing omdat hy eerlik erken het dat hy Augustinus nie kon help met die probleme wat hy met die Manichese leer gehad het nie. Augustinus het duidelik God se hand in die ontmoeting met Faustus gesien –

> … So it was that, unwittingly and without intent, Faustus who had been a deadly snare to many now began to release me from the trap in which I had been caught. For in the mystery of your providence, my God, your guiding hand did not desert me (*Confessiones* 5.7).

Nebridius, wat saam met Augustinus na antwoorde op belangrike vrae oor die Manichese leer gesoek het, en Faustus, wat nie bevredigende antwoorde oor die Manichese leer kon verskaf nie, was vir Augustinus bakens op intellektuele vlak. Hulle het 'n groot rol gespeel om hom tot insig te laat kom oor die valsheid van Manicheïsme, 'n leer wat vir hom 'n groot hindernis op sy bekeringsweg was.

3.1.2.2 Vindicianus en Firminus

Augustinus het tydens sy Manichese periode in astrologie geïnteresseerd geraak in sy pogings om by waarheid uit te kom. Twee persone wat as bakens uitgestaan het om Augustinus op die valsheid van astroloë se teorieë te wys, was Vindicianus ('n dokter) en Firminus ('n vriend).

Vindicianus was nie alleen 'n uitstekende dokter nie, maar ook prokonsul. Augustinus het met hom in laasgenoemde hoedanigheid kennis gemaak toe hy as wenner in 'n digkuns-kompetisie aangewys is en Vindicianus die lourierkrans op sy kop geplaas het. Volgens Augustinus het God dié man, wat uitgesproke was oor astrologie, op sy pad gebring om te verhoed dat hy hom verder in astrologie verdiep –

> But you did not fail to use even that old man to help me, nor did you cease to give my soul through him the medicine which it needed. He and I became better acquainted and … he learned that I was an enthusiast for books of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> astrology, and in a kind and fatherly way he advised me to throw them away ... as a young man he had studied astrology himself ... after a time he had given them up ... for the very good reason that he had found out that they were entirely wrong ... This answer which he gave me ... must surely have come from you, my God (*Confessiones* 4.3).

Vindicianus het uit ervaring aan Augustinus die raad gegee om van astrologie af te sien, maar dit sou nog 'n paar jaar duur voordat Augustinus finaal van die valsheid van astrologie oortuig sou word (*Confessiones* 7.6).

Firminus, 'n goeie vriend van Augustinus en geskool in die menswetenskappe en kunste, en veral retoriek, het enkele jare ná die bogenoemde ontmoeting met Vindicianus aan Augustinus gevra om sy toekoms in besigheidsake deur die stand van die sterre te lees. Augustinus het ingewillig, maar hom meegedeel dat hy oortuig is dat sulke voorspellings absurd en betekenisloos is. Na aanleiding van dié mededeling het Firminus 'n persoonlike verhaal oor sy eie geboorte vertel, wat die feit vir Augustinus finaal onderstreep het dat voorspellings wat op die lees van sterre gebaseer is en as "waar" bewys word, blote geluk is.[7] Augustinus is deur die eenvoudige verhaal van Firminus finaal oortuig dat hy in astrologiese voorspellings nie die waarheid sou vind nie –

> ... my God, let me acknowledge your mercy from the deepest depths of my soul! ... You provided me with a friend [Firminus] who cured my stubborn resistance both to that wise old man Vindicianus and to Nebridius ... (*Confessiones* 7.6).

Augustinus is in sy soeke na die waarheid gedryf deur sy onvergenoegdheid met valsheid. Nebridius en Faustus, Vindicianus en Firminus het elkeen op 'n bepaalde wyse vir hom beïnvloed in sy denke oor die ware aard van Manicheïsme en astrologie.

---

[7] Firminus se pa het in voorspellings deur die lees van sterre geglo. Met sy seun Firminus se geboorte, het een van sy slawe op presies dieselfde tyd 'n kind ryker geword. Indien die voorspelling volgens die sterre korrek was, sou die twee kinders presies dieselfde kanse in die lewe hê. Die een het egter seun van 'n vooraanstaande Romeinse burger gebly en die ander seun van 'n Romeinse slaaf (*Confessiones* 7.6).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.2.3 Ambrosius

Augustinus is in 384 na Milaan om hom as professor in retoriek te vestig. Vir sy openbare beeld was dit tot voordeel om 'n kategeet van die Katolieke Kerk te word omdat die hof daar Christelik was. As biskop het Ambrosius 'n baie vername pos in die openbare lewe beklee (Brown 1967:81).[8] Toe Augustinus met hom kennis gemaak het, is hy getref deur sy vriendelikheid. Hy het later duidelik God se hand in hierdie ontmoeting gesien omdat hy in die eerste plek deur Ambrosius se goeie hoedanighede as spreker na die eredienste gelok is –

> Unknown to me, it was you who led me to him, so that I might knowingly be led by him to you ... My heart warmed to him, not at first as a teacher of the truth, which I had quite despaired of finding in your Church, but simply as a man who showed me kindness ... I was quite uninterested in the subject-matter and was even contemptuous of it ... (*Confessiones* 5.13).

Mettertyd het die inhoud van Ambrosius se preke Augustinus intellektueel begin aanspreek. Maar toe hy met Ambrosius wou praat oor die vrae wat hy gehad het, het hy gevind dat Ambrosius dikwels besig was met belangrike besoekers, of so verdiep was in sy leeswerk dat niemand hom wou steur nie. In teenstelling met Augustinus, kon Ambrosius Grieks vlot lees en het van die mees geleerde en eietydse boodskappe in die Latynse wêreld aan sy gemeente gebring. Augustinus was besonder beïndruk dat Ambrosius die Ou Testament teen die kritiek van die Manicheërs kon verdedig (Brown 1967:82, 84). Hy het die kerk eerlik gevind en minder verwaand as die Manicheïsme wat wetenskaplike kennis met versinsels probeer staaf het wat mense in goedertrou en sonder enige bewyse moes aanvaar.

Terwyl Augustinus nog baie vrae in sy gemoed moes uitsorteer oor waarheid, het hy die Katolieke leer begin verkies. Hy het intellektueel duidelikheid gekry oor die aard (substansie) van God waarmee hy baie geworstel het en het besef dat hy vroeër mislei is in die vorming van sy voorstelling van God. Deur Ambrosius se lering is Augustinus intellektueel oortuig van die leer van die verlossing (*Confessiones* 5.13) en het hy tot die besondere insig gekom dat sekere dinge in die geloof aanvaar moes word (*Confessiones* 6.5). Die Heilige Skrif, waarop Augustinus vroeër neergesien het, het ook vir hom begin sin maak –

---

[8] Sien paragraaf 2.1.2 vir meer oor Ambrosius se rol in Augustinus se weg van bekering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ... when I first read the Scriptures ... they seemed quite unworthy of comparison with the stately prose of Cicero, because I had too much conceit to accept their simplicity and not enough insight to penetrate their depths (*Confessiones* 3.5).
>
> Its plain language and simple style make it accessible to everyone ... this book stands out alone on so high a peak of authority and yet draws so great a throng in the embrace of its holy humility (*Confessiones* 6.5).

Ambrosius was vir Augustinus 'n baken op sy bekeringsweg omdat hy hom aan idees blootgestel het wat vir hom tot op daardie stadium onbekend was. Hy het hom beïnvloed om sy begrip van God, wat hy as stoflik voorgestel het, te verander (O'Meara 1941:120).

3.1.2.4 Die Neo-Platoniste

Augustinus is waarskynlik in 386 bekend gestel aan die idees van die Neo-Platoniste (Brown 1967:94).[9] Hy was oortuig daarvan dat dit deur God se toedoen was dat hy die geskrifte begin lees het[10] –

> So you made use of a man, one who was bloated with the most outrageous pride, to procure me some of the books of the Platonists (*Confessiones* 7.9).

Soos wat Ambrosius Augustinus se intellek aangespreek het om sy begrip van God te wysig, so is Augustinus deur die lees van Neo-Platonistiese geskrifte gehelp om sy begrip van God te vorm.[11] Hy kon God nou as nie-materieel en as die oneindige voorstel, die skepper van die heelal in volmaakte orde en sonder gebreke. Hy het ook die bewering van die Neo-Platoniste aanvaar dat deugde (bv. innerlike skoonheid, harmonie, wysheid, geregtigheid) en ewige waarhede (bv. die begeerte om geluk te ervaar, wysheid wat beter is as dwaasheid) inherent is aan die menslike siel. Hierdie innerlike deugde en waarhede van die mens het vir Augustinus heengewys na die oorspronklike bron van die ewige en onveranderlike vorm van deug, en as sulks as onweerlegbare bewys gedien van die bestaan van sy God (Scott 1995:109).

---

[9] Sien paragraaf 2.1.2 vir meer oor die invloed van die Neo-Platoniste op Augustinus se bekeringsweg.

[10] Volgens O'Meara (1954:141) het die lees van die Neo-Platoniste se werke die vroeëre vervoering wat Augustinus met die lees van Cicero se *Hortensius* ervaar het, ver oortref. Hy het daarna ook finaal van die materialistiese rasionalisme van die Manicheïsme afgesien.

[11] Volgens Augustinus het die Neo-Platoniste deur hulle hoogmoed te veel klem op die intellek geplaas. Daardeur is hulle self verhinder om die nodigheid aan geloof in Christus in te sien (*Confessiones* 7.9 en http://www.molloy.edu/academic/philosophy/sophia/augustine/conf7.notes.htm).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieselfde Neo-Platonistiese geskrifte het hom gehelp om oor die aard van boosheid na te dink. Hy het tot die oortuiging gekom dat boosheid vir God nie bestaan nie, dat die skepping as geheel op geen manier leemtes het nie, dat alle lewe en gebeure in volmaakte reëlmaat daargestel is wat bydra tot die harmonie van God se volmaakte orde in die skepping –

> For you evil does not exist, and not only for you but for the whole of your creation as well, because there is nothing outside it which could invade it and break down the order which you have imposed on it (*Confessiones* 7.13).

Augustinus het sy bewondering vir die Neo-Platoniste vir die res van sy lewe behou. Hy was oortuig dat hulle so na aan die Christelike waarheid gekom het as wat sonder die genade van God moontlik was (Scott 1995:113). Die lees van hulle geskrifte het hom gehelp om los te kom van die beperkte idees van die Manicheïste oor God, en van die vermenslikte begrip van God wat hy sedert sy kinderjare gehad het (Scott 1995:12). Die lees van die Neo-Platonistiese geskrifte het gelei tot Augustinus se intellektuele ontwikkeling en sy vorming van 'n Godsbegrip, en word as baken op sy bekeringsweg gesien omdat hy toe finaal die rug op Manicheïsme kon keer (Scott 1995:77).

3.1.3 Menslike bakens op morele vlak

Persone wat Augustinus gehelp het om morele hindernisse op sy bekeringsweg te bowe te kom, was (i) Simplicianus wat die verhaal van Victorinus vertel het en hom daardeur beïnvloed het om sy hoogmoed te laat vaar; en (ii) Ponticianus wat hom indirek gehelp het om die groot struikelblok van sy eie wil te oorkom en daarmee met sy verbondenheid aan wellus te breek.

3.1.3.1 Simplicianus en Victorinus

Nadat Augustinus reeds tot intellektuele sekerheid in God gekom het, was daar steeds morele hindernisse op sy bekeringsweg wat hom verhoed het om tot volle oorgawe aan God te kom. In 'n poging om morele stabiliteit te verkry, het hy besluit om met Simplicianus, 'n biskop in Milaan en geestelike vader van Ambrosius, te praat. By terugskouing, het Augustinus hierdie gesprek duidelik as deel van God se plan met hom gesien –

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I did not ask for more certain proof of you, but only to be made more steadfast in you. But in my worldly life all was confusion ... I could not make up my mind to venture along the narrow path ... By your inspiration it seemed to me a good plan to go and see Simplicianus ... (*Confessiones* 8.1).

Augustinus het aan Simplicianus vertel dat hy die geskrifte van die Neo-Platoniste gelees het, wat onder andere deur Victorinus in Latyn vertaal is. Simplicianus was dankbaar dat Augustinus die Neo-Platonistiese geskrifte gelees het en nie dié van ander filosowe nie, en met Victorinus se bekeringsverhaal wou hy aan Augustinus Christus se voorbeeld van nederigheid illustreer. Dié verhaal het Augustinus gesien as deel van God se plan met hom –

> Then, to encourage me to follow Christ's example of humility ... he told me about Victorinus ... the story ... shows the great glory of your grace and for your glory I must tell it (*Confessiones* 8.2).

Victorinus was 'n baie gesiene man in die pagane wêreld. Hy het 'n uitgebreide kennis van die menswetenskappe en die kunste gehad, het baie boeke oor filosofie gelees en resensies daaroor geskryf, was 'n retorikus van formaat en leermeester van vele vooraanstaande senatore. As gevolg van sy roem as onderwyser is 'n standbeeld ter ere van hom in die Romeinse forum opgerig. Vir baie jare was Victorinus 'n vurige verdediger van pagane tradisies, maar ten spyte van dit alles was hy op die ou end nie skaam om in die openbaar te erken dat hy 'n Christen is nie.[12] Die verhaal van die gesiene Victorinus wat sy loopbaan as retorikus laat vaar het om 'n voorbeeld van Christen-vroomheid te word, het vir Augustinus, wat moeite gehad het om sy hoogmoed te laat vaar, op 'n besondere manier aangespreek om sy voorbeeld te volg –

> The devil has a firmer hold on men in high places because of their pride in their rank ... (*Confessiones* 8.4).

---

[12] Victorinus het vir Simplicianus in privaat gesprekke herhaaldelik vertel dat hy na intensiewe bestudering van die Heilige Skrif besluit het om 'n Christen te word. Simplicianus wou sy Christenskap eers aanvaar as hy hom in die kerk gesien het. Dit was vir Victorinus baie moeilik om in die openbaar te erken dat hy die Christelike geloof aanvaar het omdat hy nie graag sy vriende wat pagane gode aanbid het, wou aanstoot gee nie ("Is it then the walls of the church that make the Christian?"). Die priesters het aangebied dat Victorinus sy geloof in 'n private seremonie bely, maar hy het besluit om dit tog in teenwoordigheid van die hele gemeente te doen (*Confessiones* 8.2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> When your servant Simplicianus told me the story of Victorinus, I began to glow with fervour to imitate him. This, of course, was why Simplicianus had told it to me. I longed to do the same, but I was held fast ... by my own will, which had the strength of iron chains (*Confessiones* 8.5).

By die aanhoor van Victorinus se verhaal, het Augustinus onwillekeurig aan die Apostel Paulus gedink wat ook sy hoogmoed en selfvoldaanheid laat vaar het om in eenvoud 'n volgeling van Christus te word (*Confessiones* 8.4). Simplicianus wat die bekeringsverhaal van Victorinus vertel het, het Augustinus laat besef dat sy hoogmoed en eie wil in die pad van volle oorgawe staan.

3.1.3.2 Ponticianus

Augustinus vertel in die *Confessiones* dat hy sedert sy laat tienerjare (371), toe hy as student na Karthago is, in 'n wêreld van sonde (seksuele verhoudings, die bywoon van moreel twyfelagtige opvoerings, 'n slegte vriendekring) verval het. Volgens hom het wellus in sy lewe hoogty gevier en was dit vir hom baie belangrik dat mense van hom moes hou (*Confessiones* 2.1).[13] Toe hy intellektueel reeds oortuig was van die Christelike waarheid, was sy siel steeds in konflik oor die besluit wat hy moes neem –

> ... I was a prisoner of habit ... For my will was perverse and lust had grown from it, and when I gave in to lust habit was born, and when I did not resist the habit it became a necessity ... So these two wills within me, one old, one new, one the servant of the flesh, the other of the spirit, were in conflict and between them they tore my soul apart (*Confessiones* 8.5).

Die onverwagse besoek van Ponticianus aan Augustinus en Alypius hou direk verband met Augustinus se besluit om met wellus te breek. Hy erken dan ook God se aandeel in die besoek –

---

[13] Augustinus skilder in die *Confessiones* 'n baie donker prentjie van sy jeug. Hy was egter nie buitengewoon onverskillig nie, want vir vyftien jaar was hy getrou aan sy metgesel wat aan hul seun, Adeodatus, die lewe geskenk het. Hy was opreg hartseer om haar na Afrika te laat teruggaan sodat hy 'n wettige huwelik kon aangaan ("The woman with whom I had been living was torn from my side as an obstacle to my marriage and this was a blow which crushed my heart to bleeding, because I loved her dearly" – *Confessiones* 6.15). Toe Augustinus twee jaar op sy bruid moes wag omdat sy nog te jonk was om te trou, het hy weer 'n seksuele verhouding aangeknoop ("... because I was more a slave of lust than a true lover of marriage ..." – *Confessiones* 6.15). Augustinus is egter nooit getroud nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ... I shall now tell and confess to the glory of your name how you released me from the fetters of lust which held me so tightly shackled and from my slavery to the things of this world (*Confessiones* 8.6).

Ponticianus was 'n Christen en medelandgenoot uit Afrika wat 'n hoë posisie aan die keiserlike hof beklee het. Hy was verras om 'n kopie van Paulus se sendbriewe in Augustinus en Alypius se huis te sien, en het na aanleiding daarvan die strekking van sy besoek na geloofsake verander. Hy het begin vertel van 'n Egiptiese monnik, Antonius, en van groepe askete wat in die woestyn woon; verhale heeltemal onbekend aan Augustinus en Alypius. Ponticianus het daarna 'n verhaal vertel waarvan hy self getuie was: hy en drie van sy vriende, al vier hoë amptenare, het 'n ent gaan stap terwyl die keiser die spele bygewoon het. Twee van sy vriende het weggedwaal en 'n boek oor die lewe van die monnik Antonius te lees gekry terwyl hulle toevallig by 'n klooster ingestap het. Die een, en later ook die ander, is so deur die verhaal geraak dat hulle besluit het om hulle lewens volledig aan God te wy. Die voorbeeld van hierdie twee vriende het hulle verloofdes op hulle beurt ook laat besluit om hulle lewens geheel aan God oor te gee (*Confessiones* 8.6).

Augustinus is besonder deur die verhaal aangespreek omdat hy besef het Ponticianus se vriende was in staat om 'n wilsbesluit te neem; 'n wilsbesluit waartoe hy vir jare al nie kon kom nie en wat hy maar altyd wou uitstel –

> ... my heart warmed to those two men as I heard how they had made the choice that was to save them by giving themselves up entirely to your care, the more bitterly I hated myself in comparison with them ... I had prayed to you for chastity and said 'Give me chastity and continence, but not yet' (*Confessiones* 8.7).

Kort nadat Ponticianus die eintlike rede vir sy besoek aan sy twee medelandgenote afgehandel het, het Augustinus na die tuin gestorm waar hy sy roerende bekeringservaring gehad het (*Confessiones* 8.12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Gebeure as bakens op Augustinus se bekeringsweg

Augustinus verwys nie net na verskeie persone wat beskou kan word as bakens op sy bekeringsweg nie, maar beklemtoon ook sekere gebeure wat sy lewe verander het en waarin hy God se genade duidelik sien.

3.2.1 Die lees van die *Hortensius*

Die opvoeding wat ambisieuse ouers in die Romeinse provinsies vir hulle seuns wou verkry, het die inskerp van dissipline en die verdieping in die ideale van die Romeinse kultuur behels. Onderwysers was hoofsaaklik pagane wat 'n rigiede en gestruktureerde opleiding in die werke van enkele klassieke meesters soos Vergilius en Cicero aangebied het. Die skoling het weinig of geen onderrig in wetenskap of filosofie ingesluit nie, en min Grieks, wat aan Augustinus baie beperkte toegang tot Christelike lektuur verleen het. Met die grondige opleiding in die Latynse klassieke het hy aansluiting gevind by die kulturele elite van die Romeinse wêreld (Scott 1995:70-71).

Toe Augustinus in 371 na Karthago is vir verdere opleiding in retoriek, was hy aanvanklik baie beïndruk deur die opwindende nuwe wêreld waaraan hy blootgestel is.[14] In 373, op negentienjarige ouderdom, het die koers van sy lewe egter totaal verander. As deel van sy opvoeding in retoriek moes hy die boek *Hortensius*, 'n protreptiese werk van die pagaan Cicero, lees.[15] In die *Confessiones* erken Augustinus dat God deur sy genade altyd teenwoordig was om sy lewenskoers te bepaal, en dat die lees van dié werk deel van God se plan vir hom was –

> Yet all the while, far above, your mercy hovered faithfully about me (*Confessiones* 3.3).
>
> It [*Hortensius*] altered my outlook on life. It changed my prayers to you, O Lord, and provided me with new hopes and aspirations. All my empty dreams suddenly lost their charm and my heart began to throb with a bewildering passion for the wisdom of eternal truth … and it was with this love that the *Hortensius* inflamed me (*Confessiones* 3.4).

---

[14] Sien paragraaf 2.1.1 vir 'n kort lewenskets van Augustinus.
[15] Sien paragraaf 1.2.3.2.1 vir die protreptiese genre (λόγος προτρεπτικός).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die lees van die *Hortensius* het Augustinus nie gedryf tot 'n totale oorgawe aan filosofie of die najaag van wêreldse wysheid nie; dit het hom eerder daartoe gebring om die geloof van sy kinderjare meer versoenbaar te maak met die verhewe intellektuele en kulturele insig wat hy verkry het (Scott 1995:72-73). Van sy negentiende tot sy twee en dertigste jaar het hy die wysheid van die ewige waarheid ("the wisdom of eternal truth") nagejaag totdat hy in God tot rus gekom het.[16] Die lees van die *Hortensius* kan met reg gesien word as een van die belangrikste bakens op Augustinus se bekeringsweg.

3.2.2 Gebeure wat lei tot die wisseling van plek

By terugskouing oor sy lewe het Augustinus tot die oortuiging gekom dat God 'n duidelike plan vir hom gehad het in die herhaaldelike wisseling van woonplek. Telkens het iets gebeur wat daartoe aanleiding gegee het dat hy moes aanbeweeg.

Toe hy in 375 in sy tuisdorp Thagaste begin onderwys gee, het hy 'n baie besondere vriendskap met 'n jeugvriend hervat. Hulle was ewe oud, het saam skoolgegaan en het dieselfde belangstellings gedeel. Deur Augustinus se toedoen het die vriend hom ook tot die Manicheïsme bekeer. Sy vriend het egter skielik siek geword en is, terwyl hy bewusteloos was, deur sy ouers in die Katolieke geloof laat doop sodat, indien hy sou sterf, hy 'n lid van die Katolieke Kerk sou wees. Die vriend het vir 'n kort tyd effens herstel, en Augustinus het hom daaroor geterg dat hy in die Katolieke geloof gedoop is. Sy vriend het hom betig en Augustinus was verbaas en verward oor sy veranderde siening, en sy dood kort daarna het vir Augustinus geweldig ontstel (*Confessiones* 4.4). Hy was ontroosbaar en kon in niks meer vreugde vind nie, want hy is oral in Thagaste aan sy vriend herinner. Die enigste manier waarop hy aan sy hartseer kon ontsnap, was om in 376 uit Thagaste weg te gaan –

> Where could I go, yet leave myself behind? ... I left my native town. For my eyes were less tempted to look for my friend in a place where they had not grown used to seeing him. So from Thagaste I went to Carthage (*Confessiones* 4.7).

Teen 382 het die tyd vir Augustinus aangebreek om Karthago te verlaat. Hy was grootliks ontnugter met Manicheïsme en die swak gedrag van die studente. Sy vriende, waaronder

---

[16] Sien ook paragraaf 2.1.2 vir 'n kort oorsig oor Augustinus se bekeringsweg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alypius wat reeds in Rome was, het hom aangemoedig om hulle te volg (Brown 1967:68). Daarom het hy in 383 na Rome vertrek, en hy erken dat God 'n plan daarmee gehad het –

> You applied the spur that would drive me away from Carthage and offered me enticements that would draw me to Rome ... In secret you were using my own perversity and theirs to set my feet upon the right course (*Confessiones* 5.8).

Die jaar wat Augustinus in Rome deurgebring het, het nie aan sy verwagtings voldoen nie. Hy het ernstig siek geword, hom gekwel oor die manier waarop hy sy moeder agtergelaat het, en die slagoffer van studente geword wat hulle meesters gekul het deur van die een na die ander te wissel sonder om hulle te betaal (Brown 1967:69). In Rome het hy geen geluk gevind nie en erken dat dit deur God se toedoen was dat hy vandaar vertrek het –

> ... the happiness I hoped to find at Rome was not real happiness. You knew, O God, why it was that I left one city and went to the other (*Confessiones* 5.8).

By terugskouing was dit vir Augustinus nie toevallig dat hy die jaar in Rome deurgebring het nie, want 'n toespraak wat hy daar gelewer het, het Symmachus, Prefek in Rome, beïndruk. Toe die pos van professor in retoriek in Milaan vakant raak en Augustinus deur sy Manichese vriende aanbeveel word, het Symmachus besluit om hom vir die baie belangrike pos aan die keiserlike hof in Milaan aan te beveel (Brown 1967:71). In 384 is Augustinus van Rome na Milaan, wat ironies genoeg sou lei tot sy finale breuk met die Manicheërs en tot sy kennismaking met Ambrosius[17] –

> This journey was to mean the end of my association with them [die Manicheërs], though none of us knew it at the time ... In Milan I found your devoted servant the bishop Ambrose, who was known throughout the world as a man whom there were few to equal in goodness (*Confessiones* 5.13).

Uit die *Confessiones* blyk dit dat Augustinus nie daaraan getwyfel het dat God die talle wisselings van woonplek as bakens op sy bekeringspad geplaas het nie.

---

[17] Sien paragraaf 3.1.2.3 vir Ambrosius se rol as baken op Augustinus se bekeringsweg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.3 Ontmoeting met 'n dronk bedelaar

Een aand toe Augustinus in die strate van Milaan koorsagtig besig was om in sy gedagtes 'n toespraak ter ere van die keiser voor te berei, het hy 'n dronk bedelaar teengekom. Terwyl hy diep ongelukkig was in sy ambisie om roem en rykdom te verwerf, erken hy God se hand in die ontmoeting met dié bedelaar, wat skynbaar doodgelukkig was –

> My misery was complete and I remember how, one day, you made me realize how utterly wretched I was. I was preparing a speech ... I noticed a poor beggar who must, I suppose, have had his fill of food and drink, since he was laughing and joking (*Confessiones* 6.6).

Die soeke van die bedelaar na geluk is analoog aan Augustinus se pogings om geluk te probeer vind deur roem na te jaag. In beide se krampagtige soektog vind nie een van hulle ware geluk nie –

> My ambitions had placed a load of misery on my shoulders ... my learning was no source of happiness to me. I only made use of it to try to please others ... (*Confessiones* 6.6).

Die ontmoeting met die bedelaar het Augustinus laat besef dat hy sy verwaande ambisie vir 'n loopbaan van status en rykdom moes laat vaar omdat dit vir hom geen geluk ingehou het nie.

3.3 Innerlike konflik as dryfkrag op Augustinus se bekeringsweg

Die *Confessiones* van Augustinus is nie bloot die neerpen van herinneringe uit sy verlede nie. Dit het emosionele trefkrag omdat hy as biskop van Hippo dit gewaag het om homself vir die gevoelens van sy jeugjare oop te stel (Brown 1967:170). Die innerlike spanning uit sy verlede kom op 'n aangrypende wyse na vore wanneer hy gebeure wat op sy bekering uitgeloop het, hervertolk (Brown 1967:164).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die leser is van die eerste bladsy bewus van Augustinus se angstigheid as hy onseker wonder hoe hy tot God moet nader. Ná sy bekering bly hy steeds angstig omdat hy twyfel of hy versoekings sal kan weerstaan[18] –

> Grant me, Lord, to know and understand whether a man is first to pray to you for help or to praise you, and whether he must know you before he can call you to his aid. If he does not know you, how can he pray to you? For he may call for some other help, mistaking it for yours. Or are men to pray to you and learn to know you through their prayers? (*Confessiones* 1.1).
> ... I do not know which temptations I can resist and which I cannot (*Confessiones* 10.5).

Augustinus se gevoel van onvergenoegdheid met homself word duidelik geïllustreer deur sy uitgebreide vertelling van 'n relatief onbenullige oortreding op sestienjarige ouderdom toe hy saam met 'n groep vriende pere gesteel het; nie om te eet nie, maar om dit vir die varke te gooi. Hy was diep ongelukkig omdat hy aan die stelery meegedoen het, want hy het selfs lekkerder pere van sy eie gehad. Hy was oud genoeg om te weet dat diefstal verkeerd is, maar hy was verwaand en het homself verhewe bo God se wet gestel. Sy onvergenoegheid met homself het hom na antwoorde laat soek[19] –

> But it was not the pears that my unhappy soul desired ... What was it, then, that pleased me in that act of theft? ... Could I enjoy doing wrong for no other reason than that it was wrong? (*Confessiones* 2.6).

Augustinus is op sy bekeringsweg deur onvergenoegdheid gedryf. Dit het gelei tot sy belangstelling in die Manicheïsme, astrologie en skeptisisme totdat hy oortuig was van die valsheid van hulle lering. Hy het na antwoorde bly soek totdat hy die ewige waarheid gevind het.

---

[18] Volgens O'Donnell (1992:xviii) is die *Confessiones* so deurdring met Augustinus se angstigheid dat die verteltrant selfs daardeur geraak word.
[19] Sien *Confessiones* 2.4 – 2.6 vir Augustinus se weergawe van die peerstelery. In die *Confessiones* 2.6 beskryf Augustinus in groot detail sy wroeging oor hierdie jeugsonde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die *Confessiones* skryf Augustinus dikwels van kettings wat hom gebind het. Dit was die kettings van wellus en van sy eie wil waarvan hy 'n slaaf geword het. Enersyds het God dit toegelaat, en andersyds het Augustinus bevryding daarvan gevrees –

> I had been deafened by the clank of my chains ... I strayed still farther from you and you did not restrain me (*Confessiones* 2.2).
> I was bound down by this disease of the flesh. Its deadly pleasures were a chain that I dragged along with me, yet I was afraid to be freed from it ... (*Confessiones* 6.12).
> ... it was by my own doing that habit had become so potent an enemy, because it was by my own will that I had reached the state in which I no longer wished to stay ... I was frightened to be free of it ... (*Confessiones* 8.5).

Augustinus het 'n lang innerlike stryd gevoer voordat hy die wilsbesluit kon neem om met wellus te breek. Alleen deur God se genade kon hy dit regkry en God se wil vir sy lewe aanvaar[20] –

> *You have broken the chains that bound me* ... all that you asked of me was to deny my own will and accept yours ... At last my mind was free from the gnawing anxieties of ambition and gain, from wallowing in filth and scratching the itching sore of lust (*Confessiones* 9.1).

Augustinus is deur innerlike konflikte soos angstigheid en onvergenoegdheid op sy bekeringsweg voortgedryf. Namate hy tot 'n beter begrip van God gekom het, het hy homself beter leer ken (O'Donnell 1992:xviii). Toe hy met hoogmoed en die emosionele "kettings" van wellus en sy eie wil gebreek het, het hy vrede in homself gevind en was dit vir hom moontlik om tot volle oorgawe in God te kom.

3.4 Samevatting

In die *Confessiones* kyk Augustinus terug oor 33 jaar van sy lewe en erken dat God persone op sy bekeringsweg geplaas het wat hom beïnvloed het, en gebeure laat plaasvind het wat die

[20] Sien paragraaf 3.1.3.2 vir Ponticianus se rol in die neem van Augustinus se wilsbesluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koers van sy lewe verander het. Monica het as toegewyde moeder en gelowige in haar oortuiging volhard dat hy hom tot die Christelike geloof sou bekeer en het haar diepste wens vervul gesien voordat sy gesterf het. Danksy verskeie persone kon hy intellektuele struikelblokke oorkom: Nebridius en Faustus het hom beïnvloed om die valsheid van Manicheïsme in te sien; Vindicianus en Firminus het sy oë oopgemaak vir die valsheid van astrologie; en Ambrosius het hom aan nuwe idees blootgestel wat hom nie meer in materiële terme oor God laat dink het nie. Die Neo-Platonistiese geskrifte het hom gelei om sy uiteindelike begrip van God te vorm en Manicheïsme finaal die rug toe te keer, terwyl die bekeringsverhaal van Simplicianus oor Victorinus, en dié van Ponticianus oor die monnik Antonius en sy vriende, hom beïnvloed het om die morele hindernisse van hoogmoed en wellus te oorkom.

Augustinus het God se bemoeienis in sy lewe ook erken deur enkele gebeure as bakens op sy bekeringsweg uit te lig. Die lees van die *Hortensius* het gelei tot 'n radikale koersverandering in sy lewe en hom geïnspireer om hom te wy aan die soektog na waarheid. Die wisseling van woonplek het hom gelei na mense wat hom in hierdie soektog gehelp het, en die ontmoeting met die dronk bedelaar het hom laat besef dat hy sy verwaande ambisie vir 'n loopbaan van status en rykdom moes laat vaar as hy ware vreugde wou vind.

Saam met hierdie bakens op sy pad, het innerlike konflik Augustinus op sy bekeringsweg aangespoor om antwoorde op onsekerhede te vind totdat hy by die waarheid uitgekom het. Ten slotte erken Augustinus God as dié baken op sy bekeringsweg wat aan hom die genade geskenk het om bevry te word van wellus en van sy eie wil wat hom so lank vasgeketting het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

BAKENS OP C.S. LEWIS SE WEG VAN BEKERING

And so the great Angler played His fish and I never dreamed
that the hook was in my tongue
(*Surprised by Joy*, bl. 169)

4. Inleiding

Lewis se uiteindelike bekering tot die Christelike geloof is deur 'n intellektuele stryd voorafgegaan. Soos Augustinus het hy geredeneer dat indien daar 'n God is, die mens 'n beredeneerde verlange na sielsvreugde ("joy") sal hê wat alle aardse begeertes oortref (Brown 1997:7). Reeds eeue vóór die Christelike era het Plato gepraat van die roeringe binne-in die menslike hart en die soeke van die siel om buite die wêreld 'n hoër ryk te vind waar dit tot rus kan kom. Volgens Beversluis (1985:9) het Lewis baie oor dié argument van verlange nagedink en, soos Augustinus, tot die besef gekom dat hierdie verlange ook in sy lewe aanwesig is.

In die voorwoord tot *Surprised by Joy* stel Lewis dit onomwonde dat sy bekeringsverhaal nie 'n gewone outobiografie is nie, en ook nie 'n belydenis soos Augustinus se *Confessiones* nie. Die feit dat Lewis bekend was met die *Confessiones*, blyk verder uit sy opmerking op bl. 150 dat "... I had dabbled (not to my good) in the *Confessions* ..." en uit die aanhaling wat hy as subtitel by die laaste hoofstuk, "The Beginning", gebruik.[1] Die Latynse subtitel word gevolg deur sy vertaling daarvan[2] –

> For it is one thing to see the land of peace from a wooded ridge ... and another to tread the road that leads to it (*Surprised by Joy*, bl. 184).

Lewis erken in *Surprised by Joy* nie so deurlopend en eksplisiet die hand van God soos Augustinus in die *Confessiones* nie. Hy verwys byvoorbeeld indirek na God as die

---

[1] "*Aliud est de silvestri cacumine videre patriam pacis ... et aliud tenere viam illuc ducentem*. ST. AUGUSTINE, *Confessions*, VII, xxi."

[2] Lewis se moeder het vroeg met sy onderrig in Latyn begin. Latyn was ook een van sy vakke op skool (*Surprised by Joy*, bl. 10, 51).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorsienigheid ("Providence ... decides to bring two minds together", bl. 153); sy Teenstander ("My Adversary began to make His final moves", bl. 173) voordat hy direk erken dat God die een is wat op sy bekeringsweg in beheer was ("... before God closed in on me", bl. 179). Dit blyk egter duidelik uit *Surprised by Joy* dat, soos in die geval van Augustinus, (i) verskeie mense (ook indirek deur hulle boeke) Lewis op sy bekeringsweg beïnvloed het; (ii) sekere gebeure die koers van sy lewe verander het; en (iii) innerlike konflik hom op sy bekeringsweg gedryf het.

4.1 Persone as bakens op Lewis se bekeringsweg

In *Surprised by Joy* sonder Lewis verskeie persone uit wat 'n besondere rol op sy bekeringsweg gespeel het. Dit is opvallend dat hulle, soos Augustinus dit ook ervaar het, op intellektuele en morele vlak vir hom as bakens uitgestaan het. Persone wat vir Lewis op intellektuele vlak rigtinggewend was, was Oldie en W.T. Kirkpatrick, Owen Barfield, en G.K. Chesterton saam met 'n aantal ander Christen-skrywers deur hulle boeke. Om morele hindernisse op sy bekeringsweg uit die weg te ruim, het die voorbeeld van persone soos L.B. Johnson, A.K. Hamilton Jenkin, A.C. Harwood en Nevill Coghill, George MacDonald en Euripides indirek deur hulle boeke, asook die terloopse opmerking deur 'n geharde ateïs Lewis beïnvloed.

Die persoon wat in Lewis se lewe die besondere plek gevul het wat Monica in Augustinus se lewe gehad het, was Arthur Greeves. Soos wat Augustinus hom gehaas het om Monica van sy bekering te vertel, was Greeves die een met wie Lewis eerste die nuus van sy bekering wou deel. Anders as Monica, wat haar aktief vir Augustinus se bekering beywer het, het Greeves in Lewis se herinneringe uitgestaan as dié een wat in sy Christelike geloof vasgestaan het en wat in hulle debat oor godsdiens as oorwinnaar uit die stryd getree het (Green & Hooper 1974:98).

4.1.1 Joseph Arthur Greeves

Greeves (1895–1968) was die naaste buurseun van "Little Lea", die huis waarheen die Lewis-gesin in 1905 verhuis het toe Lewis ongeveer sewe jaar oud was. Ná sy broer Warren se vertrek na die oorlogsfront, het Greeves Lewis se mees intieme en lewenslange vriend geword. Lewis het in April 1914 besluit om 'n uitnodiging van Greeves, wat siek was, te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvaar en hom te besoek (Hooper 1979:9).[3] In teenstelling met Augustinus wat deurentyd eksplisiet daarop wys dat God hom deur Monica op sy bekeringsweg gelei het, gee Lewis slegs 'n implisiete aanduiding dat hy God se hand in sy ontmoeting met Greeves sien –

> I can't remember what led me to accept this invitation, but for some reason I did (*Surprised by Joy*, bl. 106).

Lewis en Greeves het in vele opsigte van mekaar verskil en in verskillende wêrelde geleef,[4] maar dit wat hulle met mekaar gedeel het, spreek dwarsdeur *Surprised by Joy*: hulle passie vir die Noorse mitologie (bl. 106), gesprekke oor verbeeldingskrag en rasionaliteit (bl. 111) en wandelinge in die natuur (bl. 115). Greeves het Lewis ook geleer om die klassieke Engelse romans te waardeer (bl. 122-123), om die gevoel van 'n boek in die hand te koester (bl. 132), en om 'n fyn waarnemingsvermoë en 'n liefde vir ongekunsteldheid te ontwikkel –

> Arthur had begun my education as a seeing, listening, smelling, receptive creature (*Surprised by Joy*, bl. 160).
> This love of the "Homely" was not confined to literature; he looked for it in out-of-door scenes as well and taught me to do the same (*Surprised by Joy*, bl. 123).

Greeves was 'n Christen en Lewis 'n ateïs toe hulle mekaar ontmoet het. Ten spyte daarvan dat Lewis hom letterlik met sy idees oor realisme gebombardeer het, het Greeves deurentyd sy onverstoorbare self gebly en Lewis kon hom nie tot sy sienswyses oorhaal nie (Green & Hooper 1974:98). In sy briewe het Lewis later dikwels met Greeves geloofsake gedeel en hom as 't ware as sy biegvader beskou (Peters 1985:102). Soos reeds gemeld, was Greeves ook die eerste persoon aan wie Lewis van sy bekering tot die Christelike geloof vertel het, in 'n brief gedateer 1 Oktober 1931: "... I have just passed on from believing in God to definitely believing in Christ – in Christianity" (Hooper 1979:425). Volgens Hooper (1979:26) het Greeves met trane van blydskap die nuus ontvang. In dieselfde brief erken Lewis dat die "homeliness" wat hy by Greeves geleer het, hom ingelei het in die Christelike deug van

---

[3] Die Lewis-broers het aanvanklik nie veel aandag aan Greeves geskenk nie. Wanneer hulle van verskillende kosskole tuisgekom het, wou hulle nie hulle intieme vakansieprogram van gesels, lees- en skryfwerk, speel en fietsry met 'n ander deel nie. "We resented the appearance of any third party as an infuriating interruption" (*Surprised by Joy*, bl. 43).

[4] Die briljante en bekende Lewis het 'n besige, vol lewe in Oxford en Cambridge gelei, terwyl Greeves stil en beskeie in Ierland gewoon en van 'n privaat inkomste geleef het (Peters 1985:102).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

liefdediens: "All the 'homeliness' (wh[ich][5] was your chief lesson to me) was the introduction to the Christian virtue of charity or love" (Hooper 1979:425).

Lewis en Greeves het hulle besondere verhouding van ongeveer vyftig jaar hoofsaaklik deur briefwisseling en vakansiebesoeke aan die gang gehou[6] –

> ... I received, and answered, only two letters a week; one from my father, which was a matter of duty, and one from Arthur which was the high light of the week, for we poured out to each other on paper all the delight that was intoxicating us both (*Surprised by Joy*, bl. 116).

In die paragraaf hierbo word die verhouding van Lewis en Greeves in verband gebring met dié van Augustinus en Monica. Dit is egter opvallend dat die ontmoeting tussen Lewis en Greeves sterk parallelle toon met die ontmoeting tussen Augustinus en Ponticianus.[7] In albei gevalle het die gemeenskaplike belangstelling in 'n boek in die vertrek, gelei tot onmiddellike aanklank by mekaar. Ponticianus het 'n kopie van Paulus se sendbriewe by Augustinus gesien en die trant van sy gesprek na geloofsake verander. Die gesprek wat gevolg het, het gelei tot Augustinus se oortuiging om met wellus te breek. Lewis, weer, het 'n kopie van sy geliefkoosde boek op daardie stadium, *Myths of the Norsemen*, langs Greeves se siekbed sien lê. Die gesprek wat gevolg het, het gelei tot die ontdekking van hulle gemeenskaplike belangstelling in Noorse mitologie.

Greeves was teruggetrokke en beskeie, in vele opsigte 'n skadufiguur wat hom nie aktief vir Lewis se bekering beywer het nie. Maar soos Monica in Augustinus se lewe 'n besondere plek ingeneem het en in 'n vertrouensverhouding met hom gestaan het, was Greeves die een wat oor 'n lang tydperk die konstante teenwoordigheid in Lewis se lewe was.

4.1.2 Menslike bakens op intellektuele vlak

Persone wat op intellektuele vlak as bakens op Lewis se bekeringsweg uitgestaan het, was (i) sy skoolmeesters, Oldie en Kirkpatrick, wat hom beïnvloed het om op 'n logiese en beredeneerde wyse die waarheid na te jaag; (ii) sy vriend Barfield wat hom laat afsien het van

---

[5] Spelwyses en afkortings wat Lewis in sy briewe gebruik het, is deur die redakteur wat sy briewe gepubliseer het, behou (Hooper 1979:44).
[6] Lewis se briewe aan Greeves is later gepubliseer; sien Hooper 1979.
[7] Sien paragraaf 3.1.3.2 vir die rol wat Ponticianus as baken in Augustinus se bekering gespeel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

realisme; en (iii) Chesterton en ander Christen-skrywers wat hom deur hulle boeke laat insien het dat die Christelike mite histories gegrond is.

4.1.2.1 Oldie en W.T. Kirkpatrick

Lewis is ná sy moeder se dood in September 1908 na die kosskool Wynyard in Engeland waar Oldie die skoolhoof was; 'n tiran wat vrees en bewing afgedwing het.[8] Volgens Lewis het die leerlinge ten spyte van Oldie se onmenslike onderrigmetodes weinig by hom geleer. By terugskouing het hy egter besef dat Oldie by sy leerlinge die belangrikheid van waarheid ingeskerp het en hulle gedwing het om te redeneer –

> The ogre [Oldie] said ... "Always stick to the truth" ... though he taught geometry cruelly, he taught it well. He forced us to reason, and I have been the better for those geometry lessons all my life (*Surprised by Joy*, bl. 29).

Die agtien maande by Wynyard, toe Lewis maar tussen tien en twaalf jaar oud was, was vir hom 'n beproewing, maar staan as baken op sy bekeringsweg uit. Hy het, soos Augustinus, 'n intellektuele bekeringsproses deurloop waar die redeneringsvermoë wat Oldie by hom ingeskerp het, van onskatbare waarde was.

In September 1914, toe Lewis sestien jaar oud was, het sy pa en broer besluit dat hy vir privaatonderrig na Kirkpatrick moes gaan om sy skoolopleiding af te rond. Dié besluit beskryf Lewis as –

> ... the most fortunate thing that ever happened to me (*Surprised by Joy*, bl. 104).

Volgens Walsh (1979:5-6) was Kirkpatrick 'n meester van onverbiddelike logika wat in sy onderrig beklemtoon het dat daar op 'n logiese wyse na die waarheid gesoek moes word. Kirkpatrick, die ateïs en rasionalis, het Lewis onbewustelik intellektueel geskool om by waarheid uit te kom –

---

[8] In Hoofstuk 2 van *Surprised by Joy* vertel Lewis in detail van sy wedervarings by Wynyard.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> The idea that human beings should exercise their vocal organs for any purpose except that of communicating or discovering truth was to him preposterous (*Surprised by Joy*, bl. 110-111).

Die intellek en die soeke na waarheid was vir Augustinus en Lewis albei die dryfkrag op hulle onderskeie bekeringsweë. Augustinus se ouers het eeue tevore verseker dat hy 'n goeie opvoeding ontvang, en sy opleiding as retorikus het hom geskool om op 'n logiese wyse te redeneer. Oldie en Kirkpatrick het op hulle beurt die waarde van logiese redering by Lewis ingeskerp. Beide Augustinus en Lewis is in hulle logiese soeke na die waarheid tot geloof in Christus gelei.

4.1.2.2 Owen Barfield

Barfield (1898–1997) en Lewis het mekaar in 1919 by Oxford as voorgraadse studente ontmoet pas nadat hulle albei van die oorlogsfront teruggekeer het. Dit was die begin van 'n lewenslange vriendskap op sosiale, maar veral intellektuele vlak.[9] Lewis het, naas sy "First Friend" en alter ego Greeves[10], vir Barfield beskou as sy sogenaamde "Second Friend"; die anti-self wat oor alles met hom verskil het –

> Of course he shares your interests; otherwise he would not become your friend at all. But he has approached them all at a different angle ... He is as fascinating (and infuriating) as a woman (*Surprised by Joy*, bl.161).

Barfield en Lewis het mekaar deur gesprekke, briewe en lang wandelinge in die natuur oor jare beïnvloed, maar Lewis erken dat hy die een is wat deur Barfield verander is –

> When you set out to correct his heresies, you find that he forsooth has decided to correct yours! ... But I think he changed me a good deal more than I him (*Surprised by Joy*, bl. 161).

---

[9] Barfield was die langslewende lid van die intellektuele gespreksgroep, *The Inklings*, 'n groep Oxford intellektuele wat tussen die twee Wêreldoorloë vurige geprekke oor Christenskap en mitologie gevoer het. Ander lede van die groep was o.a. J.R.R. Tolkien, Christopher Tolkien, Warren Lewis, Hugo Dyson, Charles Williams, Dr. Robert E. Havard, Nevill Coghill, Adam Fox, Lord David Cecil, Father Gervase Mathew, Colin Hardie en John Wain (Hooper 1979:27).

[10] "... the man ... to share all your most secret delights. There is nothing to be overcome in making him your friend; he and you join like rain-drops on a window ..." (*Surprised by Joy*, bl. 160-161).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Barfield se bekering tot antroposofie[11] het gelei tot 'n onophoudelike geredetwis tussen hulle, wat deur Lewis as die "Great War" beskryf is, maar wat gelukkig nooit in 'n rusie ontaard het nie. Barfield kon nie daarin slaag om Lewis tot hierdie filosofie oor te haal nie, maar die indringende gesprekke tussen hulle het gelei tot 'n keerpunt in Lewis se lewe. Barfield het Lewis gehelp om in te sien dat hy eietydse intellektuele sienings nie sommer onkrities kon aanvaar nie, en dat realiste teenstrydige sienings huldig (*Surprised by Joy*, bl. 167-168). Nadat Lewis van realisme afgesien het, het hy idealisme begin aanhang en daarmee al nader aan die Christelike ideaal beweeg. Barfield het as baken op Lewis se bekeringsweg uitgestaan as intellektuele gespreksgenoot wat instrumenteel was in sy vordering van ateïsme tot volle oorgawe in Christus.[12]

4.1.2.3 G.K. Chesterton en ander Christen-skrywers

Lewis het vir die eerste keer met die werk van Chesterton (1874–1936) kennis gemaak terwyl hy tydens die Eerste Wêreldoorlog in 'n hospitaal aan die herstel was van loopgraafkoors. Hy het onmiddellik aanklank gevind by Chesterton se skryfstyl en humor en het gehou van die element van die goeie ("goodness") wat uit sy werk gestraal het (*Surprised by Joy*, bl. 153). By terugskouing erken Lewis dat hy nie geweet het waarvoor hy hom inlaat toe hy Chesterton se werk ontdek het nie, en dat die Voorsienigheid met die lees van Chesterton se werke 'n plan met hom moes gehad het[13] –

> It would almost seem that Providence, or some "second cause" of a very obscure kind, quite over-rules our previous tastes when It decides to bring two minds together (*Surprised by Joy*, bl. 153).

Hoe meer werke Lewis van Chesterton gelees het, hoe meer het hy hom 'n buitengewoon verstandige mens gevind (*Surprised by Joy*, bl. 171). In 1925, dieselfde jaar toe hy 'n "fellow" by Magdalen College in Oxford geword het, het Lewis Chesterton se boek *The Everlasting Man* gelees.[14] Die vermenging van filosofie en mitologie (rede en storie) het sy intellek en siel

---

[11] Antroposofie kan omskryf word as 'n okkulte stelsel wat daarop aanspraak maak dat die sleutel tot wysheid en die kennis van die heelal in die mens gesetel is (*A Dictionary of Philosophy*, bl. 15).
[12] Sien paragraaf 2.2.2 vir 'n kort oorsig oor Lewis se weg van bekering.
[13] So ook het Augustinus eksplisiet erken dat hy die werke van die Neo-Platoniste deur God se toedoen begin lees het. Sien paragraaf 3.1.2.4.
[14] Lewis plaas *The Everlasting Man* van Chesterton tweede op die lys van boeke wat die heel grootste invloed op sy lewe gehad het. Die eerste was *Phantastes* van MacDonald (http://www.scriptoriumnovum.com/l/books.html).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevredig en die uiteensetting van die Christelike geskiedenis het vir die eerste keer vir hom sin gemaak –

> Then I read Chesterton's *Everlasting Man* and for the first time saw the whole Christian outline of history set out in a form that seemed to me to make sense (*Surprised by Joy*, bl. 178).

Naas Chesterton, noem Lewis in *Surprised by Joy* (bl. 171) die name van verskeie ander Christen-skrywers en -digters wie se werke hom op sy bekeringsweg beïnvloed het:[15] MacDonald,[16] Johnson,[17] Spenser,[18] Milton,[19] Donne,[20] Browne[21] en Herbert[22] (*Surprised by Joy*, bl. 171). Hy erken dat hy ook deur die werke van die klassieke meesters Plato (427-437v.C.), Aeschylus (±525-456v.C.) en Vergilius (70-19v.C.) beïnvloed is om sy gevestigde siening oor godsdiens te verander –

> All the books were beginning to turn against me (*Surprised by Joy*, bl. 171).

Waar die werke van die Neo-Platoniste Augustinus beïnvloed het om sy begrip van God te vorm en daarmee die rug op Manicheïsme te keer, het Lewis ervaar dat die werke van Christen-skrywers, veral dié van Chesterton, hom gehelp het om in te sien dat die verhaal van die Christendom nie 'n gewone mite is nie, maar histories gefundeer.

---

[15] "George MacDonald ... of course it was a pity he had that bee in his bonnet about Christianity. He was good *in spite of it* ... Johnson was one of the few authors whom I felt I could trust utterly; curiously enough, he had the same kink [eienaardigheid dat hy ook 'n Christen was]. Spenser and Milton by a strange coincidence had it too ... I was deeply moved by the *Dream of the Rood*; more deeply by Langland; intoxicated (for a time) by Donne; deeply and lastingly satisfied by Thomas Browne. But the most alarming of all was George Herbert" (*Surprised by Joy*, bl. 171).

[16] George MacDonald (1824-1905). Sien paragraaf 4.1.3.3 vir die rol van die *Phantastes* as baken op morele vlak op Lewis se bekeringsweg; paragraaf 4.2.1 vir die verandering wat die ontdekking van die *Phantastes* in sy lewe teweeggebring het.

[17] Lewis het in sy briewe aan Greeves dikwels oor die werk van Dr Samuel Johnson (1709-1784) geskryf, bv. oor sy werk *The Rambler* (Hooper 1979:364).

[18] Die werke van Edmund Spenser (1552?-1599), bv. *Faerie Queen*, het Lewis grootliks beïndruk en sy indrukke daaroor word dikwels in briewe met Greeves (Hooper 1979:475) gedeel.

[19] Lewis skryf o.a. aan Greeves dat John Milton (1608-1674) se gedig *Comus* hom bekoor het, ook *Paradise Lost* (Hooper 1979:133, 123).

[20] John Donne (1571/2-1631).

[21] Sir Thomas Browne (1605-1682).

[22] George Herbert (1593-1633).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.3 Menslike bakens op morele vlak

Lewis het in 'n besondere brief, gedateer 30 Januarie 1930, teenoor Greeves erken dat hoogmoed 'n sonde in sy lewe is wat totaal van hom besit geneem het. In dieselfde paragraaf noem hy die probleem wat hy ondervind om van sy eie wil afstand te doen.[23] Augustinus het met dieselfde twee morele struikelblokke in sy lewe geworstel voordat hy finaal tot oorgawe in Christus gekom het. Die voorbeeld van die gesiene Victorinus wat nie gehuiwer het om sy Christenskap in die openbaar te erken nie, het Augustinus aangespoor om sy hoogmoed te laat vaar. Sy wilsbesluit om met wellus te breek, het gevolg nadat die voorbeeld van Ponticianus se vriende wat besluit het om hulle lewe aan God te wy, hom besonder aangespreek het.[24]

Lewis het ook deur die voorbeeld van persone tot die besef gekom dat hy met hoogmoed kan breek en tot 'n wilsbesluit oor sy geloofsiening kan kom. Benewens Kirkpatrick, deur wie se toedoen hy onder andere genees is van die verdedigende wysneusigheid wat hy by Wyfern aangeleer het,[25] en Barfield, wat hom gehelp het om van sy intellektuele hooghartigheid af te sien,[26] noem Lewis verskeie persone wat hom (ook indirek deur hulle boeke) gehelp het om morele hindernisse op sy bekeringsweg te oorkom. Die voorbeeld van (i) Johnson, 'n medesoldaat; en (ii) Oxford-vriende soos Jenkin, Harwood en Coghill het hom gehelp om sy hoogmoedige houding te laat vaar; 'n proses wat begin en afgesluit is met (iii) die lees van MacDonald se *Phantastes* en Euripides se *Hippolytus*. Die wilsbesluit om hom tot teïsme te bekeer, het gevolg na (iv) 'n opmerking deur 'n geharde ateïs.

4.1.3.1 L.B. Johnson

Lewis het implisiet erken dat God persone soms op vreemde plekke geplaas het om as bakens op sy bekeringsweg te dien. Hy vertel dat hy nêrens veilig was nie, en as 't ware in sy eie bataljon "aangeval" is deur Johnson.[27] Johnson (1898–1918) was 'n ouer student van Oxford, wat aan die oorlogsfront 'n lid van dieselfde bataljon as Lewis was. Hy het Lewis moreel beïnvloed om die voorbeeld wat hy gestel het, na te volg –

---

[23] "What worreys [worries] me much more is *Pride* – my besetting sin … Closely connected with this is the difficulty I find in making even the faintest approach to giving up my own will …" (Hooper 1979:339).
[24] Sien paragraaf 3.1.3 vir persone wat op Augustinus se bekeringsweg as bakens op morele vlak uitgestaan het.
[25] "Long years (or years that seemed long) with the Knock had cured me of my defensive Wyvernian priggery" (*Surprised by Joy*, bl. 149).
[26] Sien paragraaf 4.1.2.2 vir Barfield se rol as baken op Lewis se bekeringsweg.
[27] Lewis het in 'n brief aan Greeves in November 1917 geskryf van sy groot waardering vir Johnson (Hooper 1979:202).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> In my own battalion also I was assailed. Here I met one Johnson (on whom be peace) who would have been a lifelong friend if he had not been killed (*Surprised by Joy*, bl. 154).

Lewis was veral beïndruk met Johnson se logiese redeneringsvermoë wat hy toe nog net in sy ou leermeester Kirkpatrick teengekom het. Wat hom egter die heel meeste van Johnson getref het, was dat hy 'n beginselvaste jong man was. Vir die eerste keer sedert sy geloofsverval, het Lewis tot die besef gekom dat die strewe om die goeie te doen dalk op sy lewe betrekking kon hê. Hy het Johnson se beginsels onmiddellik vir homself toegeëien en nagevolg –

> I accepted his principles at once ... When a boor first enters the society of courteous people ... How can he learn except by imitation? (*Suprised by Joy*, bl. 155).

Die indruk wat die beginselvaste Johnson met sy logiese redeneringsvermoë op Lewis gemaak het, het hom oopgestel vir indrukke van nuwe vriende met sy terugkeer na Oxford.

4.1.3.2 A.K. Hamilton Jenkin, A.C. Harwood en Nevill Coghill

Ná die Eerste Wêreldoorlog is Lewis in Januarie 1919 terug na Oxford. Soos reeds gemeld, het Augustinus en Lewis vriendskap besonder hoog aangeslaan. Lewis sonder Jenkin uit as die eerste vriend wat hy gemaak het nadat hy van die oorlogsfront teruggekeer het. Hy erken Jenkin as 'n persoon wat alles kon geniet en wat Greeves se pogings voortgesit het om van hom 'n ontvanklike mens te maak[28] –

> He [Jenkin] continued (what Arthur had begun) my education as a seeing, listening, smelling, receptive creature (*Surprised by Joy*, bl. 160).

Jenkin het Lewis nie alleen gehelp om sy waarnemingsvermoë te ontwikkel nie, maar om die lewe in al sy fasette met volle oorgawe te geniet (*Surprised by Joy*, bl. 160).

Ook in 1919 het Lewis vir Harwood (1989–1975) ontmoet; een van Barfield se vriende. Hoewel Harwood in geaardheid van beide verskil het, was dit nie lank voordat hy 'n

[28] Sien paragraaf 4.1.1 vir die besondere plek wat Greeves in Lewis se lewe gevul het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boesemvriend en vertroueling van Lewis geword het nie. Die voorbeeld wat hy deur sy egtheid en sy onverstoorbare houding tydens argumente en in krisistye gestel het, het Lewis besonder beïndruk (Hooper 1979:309).

In 1923, sy vierde jaar by Oxford, het Lewis vir Coghill (1899–1980) ontmoet. Tot sy ontsteltenis was Coghill, klaarblyklik die intelligentste persoon in die Engelse klas, 'n Christen. Daarbenewens het hy beskik oor ridderlike deugde soos eerbaarheid en hoflikheid wat Lewis vreemd outyds gevind het, maar wat hy begin navolg het. Coghill het een van sy groot vriende geword en, volgens Lewis, die proses voltooi waarmee Barfield begin het, naamlik om sy intellektuele snobisme te beëindig –

> Barfield was beginning to overthrow my chronological snobbery; Coghill gave it another blow ... The things I assert most vigorously are those that I resisted long and accepted late (*Surprised by Joy*, bl. 170).

Soos Johnson, het Jenkin, Harwood en Coghill volgens hulle oortuiging opgetree. Hulle het geglo dat deugde soos betroubaarheid, eerbaarheid, 'n gesonde gees en 'n sober lewenswyse nie onderhandelbaar was nie en uitgeleef moes word. Lewis is moreel beïnvloed om hulle voorbeeld te volg –

> Johnson had prepared me to be influenced by them. I accepted their standards in principle and perhaps ... tried to act accordingly (*Surprised by Joy*, bl. 162).

Lewis se erkenning dat hy lank weerstand gebied het voordat hy sekere waardes in sy lewe moreel aanvaarbaar gevind en begin handhaaf het, stem ooreen met Augustinus se lang stryd voordat hy met wellus kon breek. Toe Augustinus die besluit geneem het, het hy hom daarby gehou en 'n asketiese lewenswyse vir die res van sy lewe gevolg.

4.1.3.3 George MacDonald en Euripides

Soos vroeër gemeld, het persone indirek deur hulle boeke vir Augustinus en Lewis op hulle onderskeie bekeringsweë beïnvloed. Lewis het MacDonald uitgesonder as die skrywer wat hom die heel meeste in sy lewe beïnvloed het[29] –

[29] George MacDonald (1824-1905) was 'n Skotse prediker en onderwyser, 'n Christen-apologeet wat gefantaseer, gedig en verhale geskryf het (Brown 1997:2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> George MacDonald had done more to me than any other writer ... (*Surprised by Joy*, bl. 171).

Lewis het MacDonald as 'n goeie skrywer beskou ten spyte daarvan dat hy 'n Christen was (Peters 1985:33). Sy verbeeldingryke werke[30] het Lewis aangegryp en het daartoe gelei dat hy God die Skepper herken het as die oorsprong van betekenisvolle verbeelding, dat hy geleer het om sy buitengewone belewing van sielsvreugde ("joy") te verstaan, en dat hy besef het dat die soeke na Waarheid veel meer behels as die najaag van rasionele denke (Brown 1997:3).

Lewis meen dat sy hoogmoed selfs deur sy gesigsuitdrukking weerspieël is. Hy vertel dat die lees van MacDonald se *Phantastes* terwyl hy 'n leerling by Kirkpatrick was, waarskynlik daartoe aanleiding gegee het dat die hoogmoedige trek op sy gesig begin verander het.[31] Volgens hom het hierdie veranderde gesigsuitdrukking persone meer geneë gemaak om met hom bevriend te raak –

> But I am inclined to think that my face had altered. That "look" which I had so often been told to "take off it" had apparently taken itself off – perhaps when I read *Phantastes* (*Surprised by Joy*, bl. 152).

Nadat Lewis afstand gedoen het van realisme, en ook begin twyfel het aan die sogenaamde intellektuele "New Look"[32] wat hy die eerste twee jaar ná sy terugkeer na Oxford aangeneem het, het hy implisiet erken dat God ("my Adversary" – *Surprised by Joy*, bl. 173) besig was om in sy lewe in te beweeg. Hy is toe as 't ware daartoe gedryf om Euripides (485 – 406v.C.) se tragedie, die *Hippolytus*, weer 'n keer te lees –

> I was suddenly impelled to re-read the *Hippolytus* of Euripides ... I had simply been ordered – or, rather, compelled – to "take that look off my face". And never to resume it either (*Surprised by Joy*, bl. 173-174).

---

[30] In sy briewe aan Greeves (Hooper 1979) word verskeie werke van MacDonald genoem wat Lewis besonder aangespreek het, bv. *Annals of a Quiet Neighbourhood* (bl. 398); *At the Back of the North Wind* (bl. 120); *The Golden Key* (bl. 149-150); *The Princess and the Goblin* (bl. 228); *Phantastes* (bl. 92-93).

[31] Die lees van die *Phantastes* het 'n radikale verandering in Lewis se lewe teweeggebring. Daarom word dit as belangrike gebeurtenis op Lewis se bekeringsweg in paragraaf 4.2.1 verder bespreek en in verband gebring met die koersverandering wat die *Hortensius* in Augustinus se lewe meegebring het.

[32] Die "New Look" het ingehou dat Lewis hom gedistansieer het van alle vorme van romantiek wat hy tot op daardie stadium aangehang het (*Surprised by Joy*, bl. 162).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Koorgedeelte van die tragedie het Lewis só aangespreek dat hy, hoewel hy hom aanvanklik daarteen verset het, finaal teruggeruk is uit 'n hoofsaaklik intellektuele fase van sy lewe en oorweldig is deur sy vroeër belewing van 'n oorheersende gevoel van verlange. Waar die lees van die *Phantastes* Lewis waarskynlik beïnvloed het om die hooghartige trek op sy gesig te begin verander, het die lees van die *Hippolytus* daartoe gelei dat Lewis sy hoogmoedige houding finaal laat vaar het.

4.1.3.4 Opmerking deur 'n geharde ateïs

Aan die begin van 1926 het 'n geharde ateïs, wat toevallig by Lewis in sy kamer op besoek was, terloops opgemerk dat dit lyk asof die gebeure wat in die evangelies beskryf word histories redelik korrek kan wees –

> "Rum thing," he went on. "All that stuff of Frazer's about the Dying God. Rum thing. It almost looks as if it had really happened once" (*Surprised by Joy*, bl. 178-179).

Hierdie opmerking het Lewis laat besef dat hy nêrens veilig is om aan God te ontvlug nie. Hy het voor 'n wilsbesluit te staan gekom, en terwyl hy in 'n bus gery het, gekies om homself vir God oop te stel –

> The odd thing was that before God closed in on me, I was in fact offered what now appears a moment of wholly free choice … The choice appeared to be momentous but it was also strangely unemotional … I chose to open, to unbuckle, to loosen the rein … it did not really seem possible to do the opposite (*Surprised by Joy*, bl. 179).

Anders as Augustinus, wat dramaties tot bekering gekom het kort nadat Ponticianus hom besoek het en hy tot 'n wilsbesluit gekom het om met wellus te breek,[33] moes Lewis nog intellektueel op sy bekeringsweg vorder. Hy het in die somerkwartaal van 1929 tot 'n teïstiese bekering in sy kamer in Magdalen College gekom. En eers twee jaar daarna het hy tot finale

[33] Sien paragraaf 3.1.3.2 vir die rol wat Ponticianus as baken in Augustinus se bekering gespeel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorgawe in Christus gekom nadat hy in dié tyd sy geloof in een God prakties begin uitleef het.[34]

4.2 Gebeure as bakens op Lewis se bekeringsweg

Dit blyk uit *Surprised by Joy* dat nie alleen persone Lewis beïnvloed het nie, maar dat sekere gebeure sy lewe verander het en daarom duidelik as bakens op sy bekeringsweg uitgestaan het. Lewis se ontdekking van die *Phantastes* toon parallelle ooreenkomste met die verandering wat die *Hortensius* in Augustinus se lewe teweeggebring het.[35] Augustinus het die gebeure in sy lewe wat aanleiding gegee het tot die wisseling van woonplek as rigtinggewend ervaar, en erken dat God 'n plan daarmee gehad het. Lewis weer het die wisseling van skole by terugskouing as beduidend vir sy geloofsontwikkeling vermeld, maar nie eksplisiet soos Augustinus erken dat God daarmee 'n plan vir hom gehad het nie. Die gesprek wat Lewis met J.R.R. Tolkien en H.V.V. Dyson gehad het, was bepalend vir sy bekering, net soos die ontmoeting met die dronk bedelaar Augustinus tot die besef gedwing het dat 'n openbare loopbaan vir hom geen geluk ingehou het nie.

4.2.1 Die lees van die *Phantastes, a faerie Romance*

Lewis het op 7 Maart 1916 (Hooper 1979:92-93) in 'n brief aan Greeves vertel hoe hy die *Phantastes, a faerie Romance* van MacDonald by 'n boekstalletjie op Leatherhead se stasie ontdek het.[36] Op daardie stadium was rasionele denke en verbeeldingryke denke vir hom ewe belangrik. Die gebeurtenis, en die besondere invloed wat dit op hom gehad het sonder dat hy daarna gesoek het, word in *Surprised by Joy* breedvoerig beskryf–

> … in superabundance of mercy, came that event … I picked out an Everyman in a dirty jacket, *Phantastes, a faerie Romance*, George MacDonald … all was changed … It was Holiness … never had the wind of Joy blowing through any story been less separable from the story itself … in the depth of my disgraces, in the then invincible ignorance of my intellect, all this was given me without

[34] Sien paragraaf 2.2.2 vir 'n kort oorsig oor Lewis se bekeringsweg.
[35] Volgens Lewis: "… all was changed …" (*Surprised by Joy*, bl. 145); volgens Augustinus: "It altered my outlook on life" (*Confessiones* 3.4).
[36] Op 7 Maart 1916 het Lewis aan Greeves geskryf watter geweldige impak die koop van die *Phantastes* op hom gehad het – "I have had a great literary experience this week … whatever the book you are reading now, you simply MUST get this at once … (Hooper 1979:92).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> asking, even without consent ... I had not the faintest notion what I had let myself in for by buying *Phantastes* (*Surprised by Joy*, bl. 144-146).

Die feit dat Lewis met die *Confessiones* bekend was, laat die vraag ontstaan of hy op sy bekeringsweg die invloed van die *Phantastes* onbewustelik as 'n herhaling van die invloed van die *Hortensius* op Augustinus se bekeringsweg ervaar het.[37] Lewis beskryf die vind van die *Phantastes* as 'n buitengewone genade, wat ooreenstem met Augustinus se beskrywing van God se genade in sy lewe toe hy die *Hortensius* moes lees[38] –

> ... your mercy hovered faithfully about me (*Confessiones* 3.3).
> ... in superabundance of mercy ... (*Surprised by Joy*, bl. 145).

Augustinus het die *Hortensius* en Lewis die *Phantastes* in hulle laat tienerjare (op onderskeidelik negentien en agtien) gelees. Dit het ná die lees van die boeke ongeveer ewe lank geduur voordat hulle tot volle oorgawe in Christus gekom het; vir Augustinus dertien jaar en vir Lewis vyftien jaar. Vir beide was dit 'n passievolle belewing en by terugskouing 'n heenwysing na dít waarna hulle gesoek het –

> ... my heart began to throb with a bewildering passion for the wisdom of eternal truth (*Confessiones* 3.4).
> ... never had the wind of Joy ... been less separable from the story itself (*Surprised by Joy*, bl. 145).

Die lees van die *Hortensius* en die invloed daarvan op sy lewe was vir Augustinus een van die belangrikste gebeurtenisse op sy bekeringsweg. Op parallelle wyse het die verandering wat die *Phantastes* in Lewis se lewe teweeggebring het as een van die belangrikste bakens op sy bekeringsweg uitgestaan.

4.2.2 Gebeure wat lei tot die wisseling van plek

Lewis was ná die dood van sy moeder verplig om na 'n kosskool te gaan; hy is trouens deur omstandighede genoodsaak om na verskeie kosskole te gaan totdat hy sy skoolopvoeding as

---

[37] Daar word nie probeer om die vraag in die tesis te beantwoord nie.
[38] Sien paragraaf 3.2.1 vir die verandering wat die lees van die *Hortensius* in Augustinus se lewe teweeggebring het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

privaatleerder by Kirkpatrick afgesluit het.[39] Hierdie herhaaldelike wisseling van plek herinner aan die wisseling van plek wat Augustinus as bakens op sy bekeringsweg ervaar het. Anders as Augustinus wat eksplisiet erken dat God 'n aandeel daarin gehad het dat hy van een plek na 'n ander moes verskuif, vermeld Lewis meestal net in sy bekeringsverhaal dat hy verskillende fases in sy godsdiensbelewing by die onderskeie skole ervaar het.

In teenstelling met Augustinus wat die voorbeeld van 'n vroom moeder gehad het, het Lewis geen herinnering aan sy moeder se godsdiensbelewing gehad nie. Die bewuswording van "the other world" het deur sy Presbiteriaanse goewernante, Annie, gekom (*Surprised by Joy*, bl. 15). By sy eerste kosskool, Wynyard ("Oldies") in Engeland, was Lewis (as gebore Protestant) verplig om elke Sondag twee Katolieke eredienste by te woon. Dit het hom opgeval dat die leraars opsigtelik glo aan die leerstellings wat hulle voorgehou het en, volgens hom, het hy toe self die eerste keer werklik begin glo. Sy godsdiensbelewing is op daardie stadium deur vrees gekenmerk, maar hy vermeld dit as 'n belangrike gebeurtenis op sy bekeringsweg –

> But I have not yet mentioned the most important thing that befell me at Oldie's. There first I became an effective believer ... In this experience there was a great deal of fear (*Surprised by Joy*, bl. 32-33).

Volgens Lewis het die tyd by Wynyard hom as 't ware geskool vir die Christelike lewenswyse; om in die geloof te leef en die hoop te behou, soos wat hy met verwagting uitgesien het na skoolvakansies tuis (*Surprised by Joy*, bl. 35).

Lewis is genoodsaak om na 'n ander skool te gaan toe Wynyard in 1910 sy deure moes sluit as gevolg van die onbevoegdheid van Oldie, die hoof. Ná 'n kort periode by Campbell College het hy siek geword en moes hy tuis gaan aansterk. Sy pa was om redes waarvan Lewis onbewus was, nie tevrede met Campbell nie en het besluit om hom na Chartres te stuur. Hier het Lewis se belangstelling in die Noorse mitologie, waarin hy tuis as jong seun begin belangstel het, verdiep. Hy het ook 'n besondere waardering vir die natuur en 'n intense belewing van sielsvreugde ("joy") ervaar (*Surprised by Joy*, bl. 65-66). In teenstelling met Augustinus wat soveel keer eksplisiet in sy *Confessiones* die hand van God erken in sy

[39] Sien paragraaf 2.2.1 vir 'n kort oorsig oor Lewis se lewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskuiwing van plek tot plek, noem Lewis net dat God seker 'n plan met hom moes gehad het –

> Sometimes I can almost think that I was sent back to the false gods there to acquire some capacity for worship against the day when the true God should recall me to Himself (*Surprised by Joy*, bl. 65).

Lewis het sonder enige toedoen van sy kant by Chartres beland waar sy opvoeding in alle erns begin het. Hy het daar geleidelik afvallig geword van die Christelike geloof; 'n feit wat vir hom belangrik was om in sy bekeringsverhaal te vermeld –

> And at Chartres ... too, something far more important happened to me: I ceased to be a Christian (*Surprised by Joy*, bl. 52).

Die tyd by Chartres het in 1913 vir Lewis tot 'n einde gekom toe hy 'n beurs gekry het om na Wyvern College te gaan. Hier is hy blootgestel aan die verering, wat soms gegrens het aan aanbidding, van gewone sterflinge soos dit in die Engelse openbare skoolstelsel bedryf is.[40] Hy kon hom nie met die stelsel vereenselwig nie, en het ontaard in 'n verwaande wysneus ("prig"), dít wat die stelsel juis ten alle koste wou teenwerk (*Surprised by Joy*, bl. 86). In hierdie ateïstiese tydperk het Lewis wisselende gevoelens oor God gehad –

> I maintained that God did not exist. I was also very angry with God for not existing (*Surprised by Joy*, bl. 95).

Lewis noem in sy bekeringsverhaal die verskillende religieuse ervarings wat hy by die onderskeie kosskole gehad het, hoewel hy nie elke verskuiwing so eksplisiet soos Augustinus aan God se plan vir hom toeskryf nie. Soos omstandighede Augustinus telkens gedwing het om van woonplek te verander, is Lewis ook genoodsaak om van een skool na 'n ander te gaan totdat hy uiteindelik by Kirkpatrick uitgekom het, wat op sigself 'n baken op sy bekeringsweg was.[41] Die gebeure wat tot die wisseling van plek gelei het, was egter by terugskouing vir Augustinus en Lewis albei betekenisvol.

---

[40] Sien *Surprised by Joy*, hoofstuk 6 vir die rangstelsel wat onder leerlinge aan kosskole in Engeland gegeld het.
[41] Sien paragraaf 4.1.2.1 vir 'n bespreking van Kirkpatrick as baken op Lewis se bekeringsweg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.3 Gesprek met J.R.R. Tolkien en H.V.V. Dyson

Lewis het op 26-jarige leeftyd 'n pos as dosent in die Engelse Taal- en Letterkunde by Magdalen College in Oxford gekry. Hy het onder andere bevriend geraak met 'n kollega, Tolkien, wat sy belangstelling in okkulte fantasie gedeel het. 'n Ander vriend, Dyson, was aan die universiteit by Reading verbonde. Tolkien en Dyson was albei Christene. In teenstelling met Augustinus wat eksplisiet daarop wys dat God persone op sy bekeringsweg geplaas het om aan hom rigting te gee, verwys Lewis hier indirek na God as sy teenstander. Hy erken egter eksplisiet dat dit nie toevallig is dat hy vir Tolkien en Dyson leer ken het nie –

> ... I made two other friends, both Christians (these queer people seemed now to pop up on every side) who were later to give me much help in getting over the last stile ... Soon I could no longer cherish even the illusion that the initiative lay with me. My Adversary began to make His final moves (*Surprised by Joy*, bl. 173).

Lewis vertel in sy briewe aan Greeves uitvoerig van die besondere gesprek wat hy in September 1931 met Tolkien en Dyson gehad het, en wat bepalend vir sy bekering was (Hooper 1979:421; 427-428). Hulle gesprek by dié geleentheid, wat tot in die vroeë oggendure geduur het, het oor mite en metafoor gehandel. Lewis het hierna tot die slotsom gekom dat die verhaal van Christus waar is, 'n mite wat van pagaanse mites verskil in dié sin dat dit werklik gebeur het.[42]

Die gesprek met Tolkien en Dyson het vir Lewis gehelp om die laaste hekkie op sy bekeringsweg te oorkom voordat hy tot volle oorgawe in Christus gekom het.[43] Vir Augustinus weer, was die ontmoeting met die dronk bedelaar bepalend vir sy besluit om 'n loopbaan van status en rykdom prys te gee omdat dit vir hom geen geluk ingehou het nie.[44]

---

[42] Lewis skryf in 'n brief aan Greeves die volgende oor die gesprek met Tolkien en Dyson: "Now the story of Christ is simply a true myth: a myth working on us in the same way as the others, but with this tremendous difference that *it really happened*: and one must be content to accept it in the same way, remembering that it is God's myth where the others are men's myths ..." (Hooper 1979:427).

[43] Lewis se weergawe van sy bekering in 'n brief aan Greeves: " ... I have just passed on from believing in God to definitely believing in Christ ... My long night talk with Dyson and Tolkien had a good deal to do with it (Hooper 1979:425).

[44] Sien paragraaf 3.2.3 vir die rol van die dronk bedelaar op Augustinus se bekeringsweg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Innerlike konflik as dryfkrag op Lewis se bekeringsweg

Soos Augustinus, het Lewis nie net op rasionele wyse op sy bekeringsweg gevorder nie; hy is ook deur innerlike konflik gedryf. Waar Augustinus deur angstigheid en onvergenoegdheid voortgedryf is om antwoorde op kwelvrae oor Manicheïsme, astrologie en skeptisisme te vind,[45] word die leser van *Surprised by Joy* as 't ware betower deur Lewis se soeke na sielsvreugde ("joy"). Hy erken dat hierdie intense belangstelling in "joy" hom soos 'n vurige begeerte (wellus) gedryf het wanneer hy dit ervaar het –

> "Joy" ... was something coarser and stronger. The interest, when the fit was upon me, was ravenous, like a lust (*Surprised by Joy*, bl. 34).

Lewis is by herhaling deur herinneringe aan besondere ervarings oorweldig. Sy eerste gewaarwording van estetiese skoonheid was toe hy as seuntjie van tussen ses en agt jaar oud 'n mostuintjie gesien het wat sy broer Warren op 'n koekblikdeksel gemaak het. Die herinnering aan die mostuintjie het by hom 'n gevoel van verlange wakker gemaak wat hy nie kon peil nie[46] –

> It was a sensation ... of desire; but desire for what? Not, certainly, for a biscuit-tin filled with moss ... It had taken only a moment of time ... in a certain sense everything else that had ever happened to me was insignificant in comparison (*Surprised by Joy*, bl. 19).

Net soos die herinnering aan sy broer se mostuintjie, het die herhaalde lees van *Squirrel Nutkin* deur Beatrix Potter, poësie soos *Saga of King Olaf* deur Longfellow, en veral laasgenoemde se vertaling van *Tegner's Drapa*,[47] Lewis met 'n onversadigbare innerlike verlange in sy soeke na sielsvreugde gedryf. Hoewel Lewis nie eksplisiet soos Augustinus erken dat God 'n plan met sy lewe gehad het nie, was hy oortuig daarvan dat die ervarings wat soveel verlange en begeerte by hom gewek het van betekenisvolle belang moes wees –

---

[45] Sien paragraaf 3.3 vir die innerlike konflik wat Augustinus op sy bekeringsweg gedryf het.

[46] "... my brother brought into the nursery the lid of a biscuit tin which he had covered with moss and garnished with twigs and flowers so as to make it a toy garden or a toy forest. That was the first beauty I ever knew ..." (*Surprised by Joy*, bl. 12).

[47] Gedig geskryf na aanleiding van die dood van Balder, die god van lig, vreugde, reinheid, skoonheid, onskuld en versoening in die Noorse mitologie (Lindemans 1997).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ... it is that of an unsatisfied desire which is itself more desirable than any other satisfaction. I call it Joy ... anyone who has experienced it will want it again (*Surprised by Joy*, bl. 20).

Lewis se ryk verbeelding en die sielsvreugde wat hy as gevolg van bogenoemde momente ervaar het, het gekwyn toe hy 'n jong seun was (*Surprised by Joy*, bl. 61). Op ongeveer dertienjarige ouderdom is sy belangstelling in Noorse mitologie by Chartres weer geprikkel toe hy die titel *Siegfried and the Twilight of the Gods* gesien het. Dit het hom onmiddellik herinner aan die lees van *Tegner's Drapa*; 'n herinnering wat die dwingende begeerte na sielsvreugde opnuut by hom losgemaak het –

> And with that plunge back into my own past there arose at once, almost like heartbreak, the memory of Joy itself, the knowledge that I had once had what I had now lacked for years ... at once I knew that to "have it again" was the supreme and only important object of desire (*Surprised by Joy*, bl. 62-63).

Naas Lewis se belewing van die Noorse mitologie, het sy ryk verbeeldingswêreld en sy waardering en belewing van die natuur hom in sy soeke na sielsvreugde gedryf (*Surprised by Joy*, bl. 65-67). Mettertyd het hy tot die besef gekom dat "joy" 'n begeerte was na iets wat hierdie wêreld oortref, en dat dit alleen God kon wees. Ná sy bekering het Lewis sy belang in "joy" verloor, want dit was 'n heenwysing na iets wat hy reeds ontdek het (Beversluis 1985:15) –

> ... Joy? ... To tell you the truth, the subject has lost nearly all interest for me since I became a Christian (*Surprised by* Joy, bl. 190).

Die angstigheid en onvergenoegdheid wat Augustinus op sy bekeringsweg aangespoor het om antwoorde op kwelvrae te vind, het heeltemal verskil van Lewis se soeke na sielsvreugde. Tog het die innerlike konflik wat Augustinus en Lewis op hulle onderskeie manier ervaar het, hulle gedryf om by die waarheid uit te kom. Daarna kon Augustinus in God vrede vind, en was Lewis se soeke na "joy" voltooi.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 Samevatting

Lewis vertel in *Surprised by Joy* van die byna 33 jaar van sy lewe voordat hy tot finale oorgawe in Christus gekom het. Augustinus se bekeringsverhaal, soos in sy *Confessiones* weergegee, strek oor dieselfde tydperk. In hierdie hoofstuk is bakens op Lewis se bekeringsweg geïdentifiseer en vergelyk met soortgelyke bakens op Augustinus se bekeringsweg, wat in Hoofstuk 3 bespreek is.

Soos in die lewe van Augustinus, het persone 'n belangrike rol in Lewis se lewe gespeel. Greeves was tot met Lewis se dood vir hom as vriend 'n klankbord en vertroueling op sy bekeringsweg. Vir Augustinus was sy moeder, Monica, die konstante teenwoordigheid wat haar, in teenstelling met Greeves, doelbewus vir haar seun se bekering beywer het.

Op intellektuele vlak het twee skoolmeesters, Oldie en Kirkpatrick, Lewis geskool om op 'n logiese wyse na die waarheid te soek; Barfield het hom beïnvloed om van realisme af te sien; en deur die werke van Chesterton en ander Christen-skrywers het hy tot die insig gekom dat die Christelike mite histories gefundeer is. Die persone wat as bakens op intellektuele vlak op Augustinus se bekeringsweg uitgestaan het, was Nebridius en Faustus deur wie hy insig in die valsheid van die Manichese leer verkry het; Vindicianus en Firminus deur wie hy duidelikheid oor die valsheid van astrologie verkry het; Ambrosius deur wie hy tot insig oor die aard van God gelei is; en die Neo-Platoniste deur wie se geskrifte hy duidelikheid oor die Godsbegrip verkry het en tot helderheid oor die begrip van boosheid gekom het.

Op morele vlak is Lewis direk deur die voorbeeld van persone soos Johnson, Jenkin, Harwood en Coghill beïnvloed om sy hoogmoedige lewenshouding te laat vaar. Indirek het MacDonald en Euripides deur hulle boeke hiertoe bygedra. Op morele vlak is ook Augustinus deur die voorbeeld van verskeie persone beïnvloed. 'n Verhaal oor die voorbeeld van Victorinus het byvoorbeeld daartoe gelei dat hy sy hoogmoed laat vaar het.

Augustinus en Lewis het beide op hulle bekeringsweg voor 'n wilsbesluit te staan gekom: Lewis is deur die opmerking van 'n geharde ateïs gehelp om tot 'n wilsbesluit oor teïsme te kom, terwyl die verhale van Ponticianus Augustinus gehelp het om met sy verbondenheid aan wellus te breek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sekere gebeure op Lewis se bekeringsweg stem op verrassende wyse ooreen met gebeure wat Augustinus op sy bekeringsweg ervaar het. Vir albei was 'n boek die sleutel tot die koersverandering in hulle lewe. Vir Lewis was hierdie boek die *Phantastes*, wat hom onder meer geleer het om sy buitengewone belewing van "joy" te verstaan. Augustinus weer is deur die *Hortensius* geïnspireer om die ewige waarheid te vind. Met die herhaalde wisseling van plek het Augustinus en Lewis albei ervarings beleef wat hulle by terugskouing as rigtinggewend beskou het. In teenstelling met Augustinus wat telkens eksplisiet erken dat God hom duidelik in die verandering van woonplek gelei het, is Lewis aanvanklik implisiet, maar later meer uitgesproke in sy erkenning van God se plan met hom. Persone wat op die regte tyd op die regte plek was, het vir Lewis en vir Augustinus tot 'n insig gebring wat vir elkeen op sy bekeringsweg bepalend was. Vir Lewis was dit die gesprek met Tolkien en Dyson wat hom gehelp het om in te sien dat die verhaal van Christus waar is. Augustinus se besef dat 'n loopbaan van status en rykdom vir hom geen geluk inhou nie, het tot hom deurgedring toe hy 'n dronk bedelaar raakgeloop het.

Beide Augustinus en Lewis is deur innerlike konflik op hulle bekeringsweë gedryf. Vir Augustinus was dit gevoelens van onsekerheid, angstigheid en onvergenoegdheid totdat hy in God tot rus gekom het. Lewis weer is deur die belewing van herinneringe, sy ervaring van die Noorse mitologie, die natuur en sy ryk verbeeldingswêreld voortgedryf. Sy soektog is beëindig toe hy sielsvreugde in God gevind het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SLOT

How long it was before I learned that you were my true joy
(*Confessiones* 2.2)

In hierdie tesis is twee bekende bekeringsverhale in die wêreldliteratuur met mekaar vergelyk: die *Confessiones* van Augustinus en *Surprised by Joy* van C.S. Lewis. Die navorsing is gestruktureer rondom bakens wat Augustinus op sy bekeringsweg uitgelig het: persone wat hom beïnvloed het, gebeure wat die koers van sy lewe verander het, innerlike konflik wat hom voortgedryf het. Dit is opvallend dat Lewis sy bekeringsverloop rondom soortgelyke bakens struktureer, hoewel hy, anders as Augustinus, dit nie herhaaldelik beklemtoon dat die bakens spesifiek deur God daar geplaas is nie. Aan die einde van *Surprised by Joy* verwys hy wel dankbaar na bakens wat as aanmoediging gedien het; bakens wat nie op eie gesag daargestel is nie –

> They [signposts] will encourage us and we shall be grateful to the authority that set them up (*Surprised by Joy*, bl. 190).

Dit is hierdie bakens wat in die meer eietydse bekeringsverhaal van Lewis op 'n besondere wyse ooreenstem met dié wat Augustinus in sy bekeringsverhaal beklemtoon het. Die belangrike rol wat vriende as bakens op elkeen se bekeringsweg gespeel het, kom duidelik in albei verhale na vore.

Soos in Hoofstuk 4 genoem, was Lewis goed bekend met die *Confessiones*. Die vraag of hy in sy bekering, of in die wyse waarop hy sy bekering beskryf het, deur Augustinus se bekeringsverhaal beïnvloed is, word nie in die bestudeerde literatuur beantwoord nie. Die tesis toon egter deur 'n analise op grond van inhoud en tematiek aan dat daar wel duidelike raakpunte is tussen die twee bekeringsverhale. Vir elkeen het die soeke na waarheid en sielsvreugde ("joy") begin met die lees van 'n boek; vir elkeen was 'n spesifieke persoon 'n konstante teenwoordigheid tydens sy bekeringsverloop; menslike bakens op intellektuele vlak het vir elkeen tot die insig gelei dat die Christelike geloof die waarheid is waarna hy gesoek het; menslike bakens op morele vlak het vir elkeen gehelp om afstand te doen van sy hoogmoed en om 'n wilsbesluit te neem wat tot sy uiteindelike bekering gelei het. Vir elkeen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het die wisseling van plek en die toevallige ontmoeting met 'n buitestaander sy bekeringsweg in 'n bepaalde rigting gestuur. En elkeen het innerlike konflik op sy bekeringsweg ervaar, hoewel die aard daarvan verskillend was. Indien Lewis nie in sy bekering direk deur die *Confessiones* beïnvloed is nie, moes hy in die weergawe van sy bekering bewus geraak het van die bogenoemde sprekende ooreenkomste met Augustinus se bekeringsverhaal.

Augustinus en Lewis het albei in hulle ouerhuise kennis gemaak met die Christelike geloof. Albei het op 'n stadium van hierdie geloof afstand gedoen, 'n intellektuele proses deurloop en eindelik teruggekeer na die Christelike geloof van hulle kinderjare. Augustinus het 'n emosionele bekeringservaring in sy tuin gehad –

> I probed the hidden depths of my soul and wrung its pitiful secrets from it, and when I mustered them all before the eyes of my heart, a great storm broke within me, bringing with it a great deluge of tears ... I flung myself down beneath a fig tree and gave way to the tears which now streamed from my eyes, the sacrifice that is acceptable to you (*Confessiones* 8.12).

In skrille kontras met Augustinus se roerende bekeringservaring, het Lewis amper ongemerk en sonder emosie tot finale oorgawe in Christus gekom –

> When we set out I did not believe that Jesus Christ is the Son of God, and when we reached the Zoo I did. Yet I had not exactly spent the journey in thought. Nor in great emotion (*Surprised by Joy*, bl.189).

Seker dié belangrikste aspek van beide bekeringsverhale, is die waarde wat sowel Augustinus as Lewis daaraan geheg het om met logiese redenering sy dwingende begeerte te bevredig om die waarheid te vind. Hoewel elkeen se rasionele denke beïnvloed is deur die tydperk waarin hy geleef het, het die bekeringsweg wat elkeen gevolg het in een punt saamgekom. Ten spyte van die eeue wat tussen hierdie twee bekeringsverhale verloop het, het Augustinus en Lewis tot die besef gekom dat God die "joy" was waarna hulle gesoek het.

> But what, in conclusion, of Joy? ... I now know that the experience, considered as a state of my own mind, had never had the kind of importance I once gave

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

it. It was valuable only as a pointer to something other and outer (*Surprised by Joy*, bl. 190).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bronnelys

Aune, D.E. 1991. Romans as a Logos Protreptikos in the Context of Ancient Religious and Philosophical Propaganda. In: M. Hengel und U. Heckel (eds.). *Paulus und das antike Judentum*, 91-124. Tübingen: Mohr/Siebeck.

Berger, K. 1984. Hellenistische Gattungen im Neuen Testament. *Aufstieg und Niedergang der Römischen Welt* II, 25.2:1031-1432. Berlin, New York: Walter de Gruyter.

Beversluis, J. 1985. *C.S. Lewis and the Search for Rational Religion*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Boardman, J., Griffin, J., Murray O. (eds.). 2001a. *The Oxford Illustrated History of Greece and the Hellenistic World*. Oxford, New York: Oxford University Press.

Boardman, J., Griffin, J., Murray O. (eds.). 2001b. *The Oxford Illustrated History of the Roman World.* Oxford, New York: Oxford University Press.

Brown, P. 1967. *Augustine of Hippo. A biography*. London: Faber & Faber.

Brown, P. 1972. *Religion and Society in the Age of Saint Augustine*. London: Faber & Faber.

Brown, D. 1997. *Real Joy and True Myth.* http://www.geocities.com/Athens/Forum/3505/LewisJoy.html (2004/08/20).

Clark, G. (ed.). 1995. *Augustine Confessions Books I–IV*. Cambridge: Cambridge University Press.

Colgan, Q. Teaching the *Confessions*, Books 1-8: Theme and Pattern. http://www.bu.edu/wcp/Papers/Teac/TeacColg.htm (2004/05/24).

Dowley, T. (red.). 1988. *Die Geskiedenis van die Christendom.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Edwards, B.L. *Surprised by Joy* by C.S. Lewis: A critical summary and overview. http://personal.bgsu.edu/~edwards/surprised.html (2004/02/23).

Ferrari, M. 2000. In: Rotelle, J. *Book of Augustinian Saints*. http://www.osa-west.org/saintsalypiusandpossidius.html (2004/05/24).

Green, R.L., Hooper W. 1974. *C.S. Lewis A Biography*. New York, London: Harcourt Brace Jovanovich.

Guerra, A.J. 1995. *Romans and the apologetic tradition. The purpose, genre and audience of Paul's letter*. Cambridge: Cambridge University Press (Monograph Series 81).

Halliday, W.R. 1970. *The Pagan Background of Early Christianity*. New York: Cooper Square Publ. Inc.

Harris, S.L., Platzner, G. 1995. *Classical mythology. Images and insights*. Mountain View, CA: Mayfield Publishing Company.

Hooper, W. (ed.). 1979. *They stand together. The letters of C.S. Lewis to Arthur Greeves (1914–1963)*. St James's Place, London: Collins.

James, W. 1902 (renewed 1929). *The Varieties of Religious Experience. A Study in Human Nature*. New York: Random House (The Modern Library).

Jordan, M.D. 1986. Ancient Philosophic Protreptic and the Problem of Persuasive Genres. *Rhetorica* 4: 309-333.

Lewis, C.S. 1955. *Surprised by Joy. The shape of my early life*. Glasgow: Harper Collins Manufacturing.

Lewis' Favorite Books. Writers who influenced his philosophy and faith. http://www.scriptoriumnovum.com/l/books.html (2004/08/20).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lindemans, M.F. 1997. *Balder.* (http://www.pantheon.org/articles/b/balder.html (2005/04/14).

Malherbe, A.J. 1986. *Moral Exhortation, A Greco-Roman Sourcebook.* Philadelphia: The Westminster Press.

Momigliano, A. (ed.). 1963. *The Conflict between Paganism and Christianity in the Fourth Century.* Oxford: Clarendon Press.

Nock, A.D. 1933. *Conversion. The Old and the New in Religion from Alexander the Great to Augustine of Hippo.* Oxford: Clarendon Press.

Notes on Augustine's *Confessions*. Book 7: Augustine's Encounter with Neo-Platonism. http://www.molloy.edu/academic/philosophy/sophia/augustine/conf7_notes.htm (2004/05/26).

Odendal, F.F. (hoofred.). 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand: Perskor Uitgewery.

O'Donnell, J.J. (ed.). 1992. *Augustine Confessions. I. Introduction and Text.* Oxford. Clarendon Press.

O'Meara, J.J. 1954, 1980. *The Young Augustine. An Introduction to the Confessions of St. Augustine.* London and New York: Longman.

Peters, J. 1985. *C.S. Lewis. The Man and His Achievement*. Exeter: The Paternoster Press.

Pine-Coffin, R.S. (tr.). 1961. *Saint Augustine. Confessions*. London: Harmondsworth (Penguin Classics).

Scott, K.T. 1995. *Augustine. His Thought in Context.* New York/Mahwah, NJ: Paulist Press.

Sizoo, A. 1957. *Augustinus Leven en Werken*. Kampen: J.H. Kok N.V.

Speake, J. (ed.). 1979. *A Dictionary of Philosophy*. London: Pan Books Ltd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van der Watt, L. 1983. C.S. Lewis as apologeet. Skripsie vir Lisensiaat in Teologie. Universiteit Stellenbosch.

Walsh, C. 1979. *The literary legacy of C.S. Lewis*. New York, London: Harcourt Brace Jovanovich.

Wilson, A.N. 1990. *C.S. Lewis. A Biography.* New York, London: W.W. Norton & Company.